Matieland

2:79

In Pietermaritzburg, het John Herridge en sy vriende ontdek mens kan goeie wyn sonder seremonie geniet

KELLERPRINZ -HUISWYNE

Die wyn waarmee Suid-Afrikaners tuis voel

Kellerprinz-huiswyne het ontspring uit 'n eenvoudige ideaal wat lank reeds nagestreef word in lande soos Frankryk, Duitsland en Portugal: "Elke huis verdien die alledaagse vreugde van 'n goeie wyn."

In hierdie tradisie bied Kellerprinz u sewe waarde-vir-geld Huiswyne van puik gehalte. Probeer hulle: Dis die wyne waarmee u tuis sal voel.

Tassenberg	droë, ligronde rooiwyn
Amorosa	halfsoet rooiwyn
Rosanne	delikate, halfsoet rosé
Stein Perlé	ligte, wit perlé
Stein	halfsoet witwyn
Roma White	droë witwyn
Late Harvest	sagronde, soet witwyn

SFW

VZ77/2986

JAARGANG 23
AUGUSTUS 1979

Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING ONDER REDAKSIE VAN DOUGLAS DAVIS

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel en fokus	3
Prof. Jannie span uit	4
Totsiens . . . en dankie	9
Prof. Jannie die mens	12
Operasie was uniek	12
De Vries baie goed toegerus	16
Roux de Villiers word vise-rektor	18
TV-advertensies se invloed op kinders	20
Oubaas Schu vereer	22
NABUS gestig	22
Akademie vergader by die U.S.	23
Die vrou agter die legende	24
Rose maak Maties groot	26
Van ons donateurs	28
Oud-Maties in N-Tvl. besoek	31
Maties van 1941-'50 weer saam	33
SBW-Stigting skenk weer groot	33
Ereprofessoraat aan Burger	33
U skryf aan . . .	34
Geniet die rus!	35
Carnegie dra by tot fees	35
In Memoriam	36
Koor vertrek oorsee	37
Studente in kol met begroting	37
Kassetopnames van blaasorkes	37
Nell is nuwe dekaan	38
U.O.V.S. vereer Thom en Human	39
Acáma se koor op pad na roem	40
Stadion luisterryk geopen	42
Dagbreek se fees	43
Matie-atletiek: Nuwe bedeling	44
Erika Theron — enig in haar soort	46
Notule van die Konvokasie	48

Prof. Jannie roep halt — bl. 4

Trimbaan aan U.S. geskenk — bl. 28

Acáma se koor op pad na roem — bl. 40

VOORBLAD:
Prof. Mike de Vries wat op 1 Julie die U.S. se nuwe Rektor geword het. Colin Edwards het die foto geneem. (Lees berig op bl. 16)

Gedruk deur
TRIO-RAND/S.A. LITHO



"Ek vaar beter by Nedbank."

"Nedbank is my soort bank–
doeltreffend, flink en
vooruitstrewend."

NEDBANK
Nedbank Beperk. Geregistreerde Handelsbank
DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS.

REDAKSIONEEL

'n Nuwe era is begin Julie vanjaar aan die Universiteit van Stellenbosch betree — daar is 'n nuwe gesagvoerder aan die roer. Prof. Michiel Josias de Vries, 'n seun van die Klein-Karoo, is amptelik sedert 1 Julie Rektor.

Soos sy beroemde voorgangers sal ook hý sy eie individuele stempel op die gang van sake aan die oudste Afrikaanse Universiteit in die land laat. Die De Vries-era op Stellenbosch het aangebreek.

Die voormalige Rektor, prof. Jannie de Villiers, wat op 30 Junie uitgetree het, is weens gesondheidsredes gedwing om halt te roep.

Prof. Mike de Vries, soos hy alom bekend is, is 'n bewese opvolger vir 'n waardige voorganger. Hy is 'n man wat reeds naam gemaak het as 'n briljante skeikundige en vooraanstaande navorser. 'n Puik akademikus en opvoedkundige wie se verbintenis met die U.S. strek oor 'n tydperk van bykans 30 jaar. Diegene wat hom goed ken, weet daar wag nog 'n dinamiese tydperk op Stellenbosch.

Prof. De Vries het as't ware deur die range gekom. Hy kan daarmee spog dat hy student, dosent, hoogleraar, dekaan en vise-rektor aan die Universiteit was. Laasvermelde amp het hy sedert 1 September 1976 beklee. Derhalwe weet hy wat op hom wag. Hy is geskool vir die taak, want hy was byna drie jaar prof. Jannie de Villiers se tweede-in-bevel. Daar is min wat die Maties se Universiteit ken soos hy. Hy is 'n aktiewe mens — geestelik en fisiek. Wanneer hy iets aanpak, geskied dit met meer as die gewone drif. Sy werkvermoë is verstommend. Hy is pragmaties en altyd bereid om te luister voordat hy 'n besluit neem. Daarbenewens is hy besonder wel ter tale en geseënd met 'n fisiese voorkoms wat enige man van sy jare hom sal beny.

Prof. De Vries se voorgangers was manne met geesteskrag en daadkrag en hy word in dieselfde kader gereken. Met hom as Rektor sal die Maties op die pad vorentoe steeds die pas aangee — op alle terreine.

Vir oud-Rektor Jan Naudé de Villiers lig ons die hoede hoog — in sy bykans tien jaar as Rektor het hy Stellenbosch van krag tot krag gelei. Hy het gesorg dat Stellenbosch in die voorhoede bly, dat die U.S. steeds die een is wat oortref moet word.

Prof. De Villiers was as ginekoloog en verloskundige internasionaal bekend toe hy die rektorskap in 1969 aanvaar het. Dit het vir hom geen geldelike voordeel ingehou nie. Trouens hy het finansieel verloor. Maar hy het die pos aanvaar ter wille van die saak en sy onwrikbare vertroue in die jong mense van Suid-Afrika. Hy het onvermoeid vir Stellenbosch gewerk. Hy het alles gegee. Derhalwe was dit, op sy sagste gesê, bitter swaar om vanjaar so eenklaps van hom afskeid te moes neem. Hy was 'n gewilde Rektor, geliefd onder student en dosent.

Die erfenis wat prof. Jannie sy opvolger gelaat het, is een om op trots te wees.

Prof. De Villiers, Matieland groet u — en salueer u.

FOKUS



En hier is hy — die man wat as Matie-agsteman ongelukkig was om nie sy provinsiale kleure te verwerf nie, maar toe teruggekom het om „kaptein" van die hele Kaapland te word! Dié man is Gene Louw, die gewilde L.V. vir Durbanville, wat op 1 September vanjaar Kaapland se nuwe administrateur word.

Mnr. Louw is 'n volbloed-Kapenaar — hy het op 15 Julie 1931 sy eerste lewenslig in die Moederstad aanskou, en in 1948 aan die Hoërskool Bellville gematrikuleer. Ná vier jaar by die Provinsiale Administrasie as klerk graad II is hy na Stellenbosch, waar hy in 1957 die grade B.A., LL.B. verwerf het.

Op universiteit het hy hom onderskei as student, leier en sportman. Hy was onder meer voorsitter van die Studenteraad, primarius van die Private Studente-organisasie en kranige agsteman van die Maties se eerste rugbyspan. Hy het ook vir die gekombineerde Suidelike Universiteite as agsteman diens gedoen, en gevat-vat aan die W.P.-span. In dié tyd het hy die Abe Bailey-beurs verower waarmee hy Europa besoek het.

Mnr. Louw het ná sy studentejare begin praktiseer as prokureur op Durbanville, waar hy as onder-burgemeester en toe as burgemeester 'n leidende rol gespeel het. Dit het uitgeloop op sy verkiesing op 8 November 1972 as L.V. vir Malmesbury, en toe die kiesafdeling Durbanville met die Volksraadverkiesing van 1974 geskep is, het hy L.V. vir dié kiesafdeling geword.

Sy tydperk as L.V. was een van ongekende sukses, en hy het sy amp vervul met dieselfde ywer en verbetenheid as wat hy die losbal gejag het in sy rugbyjare. Toe die kiesafdeling in 1974 geskep is, was daar 12 takke van die Nasionale Party. Daar is nou 24 met 'n rekordgetal van 6 825 ingeskrewe lede. In die verkiesing van 1977 het hy die hoogste getal stemme — 10 965 op hom verenig.

Met sy aantreklike en ywerige vroutjie Hantie aan sy sy, lê daar groot dinge voor. Om Stellenbosch taal te praat: Gene Louw gaan daarvoor sorg dat sy span — dit weet ons — nog baie skitterdrieë vir sy provinsie druk. Ons kén hom so.

Prof.

Jannie span uit

PROF. Jannie de Villiers was in die fleur van sy jare as Rektor van die Universiteit van Stellenbosch toe hy deur ongesteldheid gedwing is om halt te roep.

Alles het so skielik gebeur. Feitlik oornag. Almal aan die Universiteit het gemeen hy sou nog bykans tien jaar dié belangrike amp beklee wat hy op 5 Januarie 1970 betree het. Maar vir hierdie dinamiese man oor wie wyle dr. D. F. Malan reeds op 1 September 1955 geskryf het: „By sy akademiese kennis en bekwaamheid openbaar hy presies daardie eienskappe van menslikheid wat in die praktyk van 'n suksesvolle geneesheer so volstrek onontbeerlik is", was dit nie beskore nie. Hy het op 16 Maart vanjaar 'n ernstige hartaanval gehad. Op geneeskundige advies het hy toe besluit om sy amp op 30 Junie neer te lê. Op 12 Junie vanjaar het hy 'n baie ernstige hartoperasie, bekend as 'n kroonslagaaromleiding, in die Tygerberg-Hospitaal ondergaan. In sy geval is daar vyf omleidings gedoen. Só 'n operasie is nog nie voorheen in die Tygerberg-Hospitaal gedoen nie (lees berig hieroor elders.) Die operasie was baie geslaagd en prof. De Villiers het met sy vinnige herstel alle verwagtinge van sy geneeshere oortref.

Toe prof. Jan Naudé de Villiers op 2 Junie 1969 aangewys is as opvolger van prof. H. B. Thom was hy reeds 'n akademikus wat op eie meriete gereken is onder die wêreld se voorste geleerdes. (Hy is immers besonder briljant—op 16-jarige ouderdom was hy eerstejaar aan die U.S., op 22 reeds 'n gekwalifiseerde geneesheer en op 31 hoogleraar in geneeskunde.) Hy het sy merk op internasionale vlak gelaat deurdat hy lid van die Uitvoerende Raad van die International Federation of Obstetricians and Gynaecologists (FIGO) was. Hy was ook voorsitter van FIGO se Committee of Qualifications wat die internasionale standaard vir die opleiding van ginekoloë bepaal. Toe prof. De Villiers dié pos beklee het, het FIGO 84 lidlande gehad. Voorts is hy ook 'n Lid (Fellow) van die Royal College of Obstetricians and Gynaecologists van Londen en het hy by geleentheid opgetree as eksaminator van dié geneeskundige instansie wat wêreldwyd die hoogste aansien geniet.

Prof. De Villiers is op 17 Augustus 1923 op Beaufort-Wes gebore. Hy het ook enkele jare daar skoolgegaan. Later het sy ouers, wyle mnr. en mev. Tobie de Villiers, na die familieplaas, Vreesniet, in die Hexriviervallei verhuis. Hy het sy skoolloopbaan op Worcester voltooi waar hy in 1939 gematrikuleer het. In die volgende jaar het hy op Stellenbosch ingeskryf waar hy hom as predikant wou bekwaam. Na 'n jaar se studie in die teologie—hy was inwoner van Dagbreek—is hy na die Universiteit van Kaapstad om hom as geneesheer te bekwaam. (Stellenbosch het natuurlik in daardie stadium nie 'n fakulteit van geneeskunde gehad nie.)

In 1946 het hy die grade M.B., Ch.B. (met onderskeiding in die finale professionele eksamen wat handel oor al die werk van die laaste drie jaar van die kursus) aan die U.K. verwerf waarna hy 'n jaar huisdokter in die Groote Schuur-Hospitaal was. In 1948 het hy op Calvinia geneesheer geword.

Dit was op Calvinia waar hy groot naam gemaak het as die dokter wat die Lombard-vierling (De Waal, Jannie, De Villiers en Klasie) in die lewe gebring het. De Villiers Lombard is ook na hom vernoem.

In 1952 keer hy weer terug na die Universiteit van Kaapstad vir die voltooiing van die M.O. & G. Met die eksamen vir dié kwalifikasie het hy sy moedertaal vereer en in Afrikaans geskryf hoewel dit aan 'n Engelstalige universiteit geskied het.

'n Besondere groot eer het prof. De Villiers in 1955 te beurt geval toe die Nuffield Dominion Travelling Fellowship aan hom toegeken is. Akademici verbonde aan enige fakulteit aan alle universiteite in Suid-Afrika—in daardie jare was daar tien—kon deur hul universiteit genomineer word. In die reël het elke universiteit twee name voorgelê. Net een persoon is elke jaar gekies en in dié jaar het die keuse geval op prof. Jannie de Villiers. In die tyd wat hy met die Nuffield Fellowship oorsee was, het hy op een of ander bykans ongelooflike wyse ook nog tyd gevind om sommer die eksamen vir lidmaatskap van die Royal College of Obstetricians and Gynaecologists af te lê!

In die jare voor en na hy in 1956 aangestel is as die eerste hoogleraar in ginekologie en verloskunde aan die U.S. se nuwe fakulteit van geneeskunde, is prof. De Villiers verskeie kere genooi om lesings by internasionale geneeskundige konferensies te lewer.

Die inhuldiging van prof. J. N. de Villiers as Rektor van die U.S. deur die Kanselier, dr. B. J. Vorster—dit was 20 Februarie 1970 in die H. B. Thom-teater.

Links: Prof. J. N. de Villiers (links), verskyn hier saam met drie van sy vangenote, en soos met al die „Viljees" in die Senaat van die U.S. die geval is, het elk sy eie besonderse noemnaam. Prof. De Villiers was alom bekend as prof. Jannie en die ander drie as dr. Con, prof. O. T. en prof. Meyer Div, oftewel proff. C. G. S. de Villiers (reeds oorlede), O. T. de Villiers en Meyer de Villiers. Dan is daar bv. ook nog prof. Jan de Villiers van maatskaplike werk—oraloor bekend as Jan Div, prof. J. L. (Koekjan) de Villiers, ens. ens. Prof. Jannie se vrou, Geraldine, was natuurlik ook 'n nooi Viljee.

Onder: Mev. Geraldine de Villiers was 'n rektorsvrou duisend. Haar sjarme en sprankelende persoonlikheid het dié amp groot eer aangedoen. Dié foto van haar saam met die Kanselier en gewese Staatspresident, dr. B. J. Vorster, is vroeër vanjaar op 'n dinee by die fakulteit van geneeskunde geneem.



BY geleentheid is hy genooi om die kongres van die Federation of French Speaking Gynaecologists in Lausanne, Switserland, toe te spreek. Hoewel hy sowat ses maande tyd gegun is om homself voor te berei, het dié mense hom nie in enige stadium laat weet dat hulle van hom verwag om in Frans te praat nie. Dít het hy 'n skrale drie maande voor die aanvang van die kongres agtergekom. Waar enige ander persoon onmiddellik 'n oortuigende verskoning sou uitgedink het waarom hy nie meer sou kon optree nie, het die Boereseun van die Hexrivier besluit hy gaan Frans leer! Sowat 90 dae na sy eerste les het hy die kongres toegespreek waar nie minder nie as 1 400 van die wêreld se voorste ginekoloë uit lande soos Frankryk, België en Switserland saamgetrek was. Sy Frans was vlot en hy het 'n staande ovasie ontvang. Dit was maar een van talle voorbeelde van sy buitengewone intellektuele vermoë en alsydigheid.

In 1964 het nog 'n besondere eer hom te beurt geval toe hy genooi is om die Kane-King Memorial Lecture aan die George Washington University in die V.S.A. te lewer. Dit is 'n eer wat mens in internasionale status plaas aangesien net een spreker uit 'n oorsese land genooi word om voor 'n uitgelese gehoor te praat. Prof. De Villiers het sy lesing in 'n reuse saal voor bykans 2 000 studente en genooide gaste gelewer.

Met prof. Jannie de Villiers aan die roer het Stellenbosch 'n tydperk van fenomenale vooruitgang beleef. Dit was inderdaad 'n dekade van groei. Aan die begin van sy termyn in 1970 het die U.S. 7 778 studente gehad—verlede jaar was dié syfer 11 206.

Ook die dosentetal het in dié jare geweldig gegroei. Prof. De Villiers het hom sterk beywer vir 'n gesonder proporsionele dosent/studentetal. Hy het besef die nodige geriewe moes beskikbaar gestel word en het binne die finansiële perke bereik wat as mikpunt gestel is. Stellenbosch het verlede jaar 'n dosentetal van 731 gehad, insluitende 174 professore, wat 'n dosent/student verhouding van 1:15,3 gee. Indien alles wat bereik is met prof. De Villiers as rektor genoem moes word, sou dié blad etlike bladsye dikker moes wees! Nietemin kan daar o.m. op die volgende mylpale gewys word:

- 'n Besoek aan Europa in die laat jare sestig toe studente-onluste verspreid voorgekom het, en die regering van prof. Charles de Gaulle bv. feitlik op sy

knieë gedwing is, het prof. De Villiers die belangrikheid van nouer dialoog met studente laat besef. Hy het voortaan gereelde en openhartige samesprekings met die Studenteraad in sy kantoor gevoer. Later is ook groter inspraak aan studente verleen, deurdat 'n Oorlegkomitee, wat aan hulle meer seggenskap in die bestuur van die Universiteit bied, tot stand gebring is. Studente het ook die eerste keer verteenwoordiging in komitees van die Raad en die Senaat geniet. Later is die gebruik van studente-evaluering ten opsigte van akademiese kursusse ook ingestel. Insgelyks is die Studentegesondheidsdiens gestig, die Buro vir Studentevoorligting is uitgebrei, en beurse, veral merietebeurse, is vergroot.

- Prof. De Villiers se deur het altyd oopgestaan vir studente. Individuele studente kon hom persoonlik in sy kantoor spreek. Hy het ook eerstejaarsdameskoshuise afgeskaf. Dames is ook toegelaat om langbroek klas toe te dra. Prof. De Villiers het alles moontlik gedoen om bestaande gapings tussen studente en dosente uit te skakel. Dit is aan hom te danke dat vrouedosente vandag dieselfde besoldiging as mans ontvang.
- Die beoogde satellietkampus op Durbanville is deurgevoer tot in die stadium van 'n goedgekeurde projek. In September en Oktober 1977 het prof. De Villiers 22 universiteite (met satellietkampusse) in Amerika, Kanada, Brittanje en Europa besoek. Sy verslag in dié verband het groot stukrag verleen aan die beplande satellietkampus op Durbanville.
- Heeltydse dekane is in agt van die Universiteite se 12 fakulteite ingestel. Dié stap is allerweë verwelkom en in die praktyk het dit later ook groter vaartbelyning meegebring veral wat betref beplanning oor die langtermyn en die desentralisasie van bestuur aan die

Die internasionaalbekende ginekoloog en verloskundige neem die ontleedmes die eerste keer na 14 maande weer op om 'n keisersnee in die Queen Elizabeth II-Hospitaal in Maseru te doen, en die beloning is 'n seuntjie van 3,7 kg —blakend gesond. Toe dié foto in Februarie 1971 geneem is, was prof. Jannie de Villiers reeds langer as 'n jaar Rektor. Hierdie was die laaste keer wat hy geopereer het. Prof. Jannie het in 1968 die eerste span medici wat deur dr. Anton Rupert na Lesotho gestuur is om daar noodsaaklike dienste te lewer, gelei. Hy het ook die eerste operasie in bovermelde hospitaal in Maseru uitgevoer. Dié keisersnee was die 1208e deur medici uit die Republiek.



Universiteit. Meer bevoegdhede kon gedelegeer word en dit het ook groter akademiese prestasie in die hand gewerk.

- Bovermelde stap is opgevolg met die instelling van die pos van 'n vise-rektor. Met 'n tweede-in-bevel wat van sy pligte kon oorneem, was dit toe vir prof. De Villiers moontlik om meer tyd te bestee aan beplanning en ander belangrike take. Prof. Wynand Mouton, huidige Rektor van die U.O.V.S., het aan die begin van 1975 die U.S. se eerste vise-rektor geword.
- Semesterkursusse is in 1977 ingestel. Die nuwe promosiestelsel, wat promosie sonder die aflê van 'n eksamen uitgeskakel het, het hiermee gepaard gegaan.
- Wat tussenvolkere verhoudings betref, is veel bereik in die bykans tien jaar wat prof. De Villiers Rektor was. Andersvolkige studente is verlede jaar die eerste keer op voorgraadse vlak aanvaar ten opsigte van kursusse wat nie deur die onderskeie Staatsuniversiteite aangebied word nie. (Andersvolkiges mag vir alle nagraadse kursusse wat die U.S. aanbied, registreer.) Pres. Banda van Malawi het besoek gebring aan die Universiteit. Dit was die eerste keer in die geskiedenis van die U.S. dat die hoof van 'n onafhanklike swart Afrikastaat Stellenbosch amptelik besoek het.
- Veertien navorsingsinstitute is tydens prof. De Villiers se jare as Rektor gestig. Hulle bedrywighede dek 'n wye spektrum. Die institute dien as 'n uiters belangrike skakel met die praktyk afgesien daarvan dat hulle veel bydra om navorsing binne universiteitsverband te stimuleer.
- 'n Departement fisiese beplanning is ingestel. Dit het meegebring dat die beplanning en uitbreiding van die kampus op 'n meer georganiseerde en gekoördineerde grondslag plaasgevind het veral wat betref bestekopname en kostekontrole. In die 9½ jaar wat prof. De Villiers aan die roer van sake was, is talle projekte en geboukomplekse aangepak en voltooi. Sommige is in die jare voor hy Rektor geword het, begin en in sy ampstermyn voltooi. Die geboukompleks van die fakulteit van geneeskunde is voltooi en so ook die grootste deel van die reuse ingenieurskompleks in Banhoekweg. Die gebou vir die fakulteit tandheelkunde is in sy tydperk opgerig, ook die Langenhoven-studentesentrum, die D. F. Malan-gedenksentrum, die Ou Mutual-sportsentrum, die C. G. W. Schumann-gebou, die Danie Craven-stadion, die Konservatorium, die manskoshuis Helshoogte, die dameskoshuisekompleks Erica, Nemesia en Serruria wat ook die Tinie Louw-sentrum huisves, en die restourasie van die Jannie Maraishuis op Coetzenburg, wat beslis nie 'n werklikheid sou geword het sonder die aandeel van prof. De Villiers nie. Enkele maande voor sy uittrede is daar begin met bouwerk aan die nuwe sentrum vir liggaamlike opvoedkunde en die gebou vir lettere en wysbegeerte. Prof. De Villiers het ook deur die jare 'n persoonlike ogie gehou oor die uitbreiding van die Universiteit se tuinbou-afdeling. Vandag is die tuine van die Universiteit inderdaad 'n sieraad vir die dorp.

President Kamazu Hastings Banda, staatshoof van Malawi, het die Universiteit van Stellenbosch in 1971 besoek. Dit was die eerste keer in die geskiedenis van die Universiteit dat die hoof van 'n onafhanklike swart Afrikastaat hier amptelik besoek gebring het. Dié foto van prof. Jannie saam met dr. Banda is op 17 Augustus 1971 geneem. Veel is bereik wat tussenvolkere verhoudinge betref in die bykans tien jaar wat hy Rektor was. So bv. is andersvolkige studente verlede jaar die eerste keer op voorgraadse vlak aan die U.S. aanvaar vir kursusse wat nie deur die onderskeie Staatsuniversiteite aangebied word nie.

TOT SIENS . .

NA 'n dekade van rektorskap gaan my gedagtes onwillekeurig terug na die ideale wat tien jaar gelede gekoester is en die doelwitte wat gestel is vir die Universiteit. Dan is dit met groot dankbaarheid dat ek kan getuig dat met die hulp van al die verskillende sektore verbonde aan die Universiteit dié doelwitte bereik is.

Ek het gevra dat die Universiteit moet aanpas by veranderde behoeftes van die tye, maar met behoud van sy tradisies. Ek het my vertroue uitgespreek in die moderne jeug, wat ek leer ken het as verantwoordelik, volwasse en begeester deur naastediens.

Die nodige aanpassings, veranderings en uitbreidings het geskied, en daar word elders daarvan melding gemaak. Dit was 'n spanpoging en ek wil dus al die spanlede bedank:

- die Senaat en doserende personeel vir die talle ingrypende akademiese vernuwings;
- die Raad en raadspersoneel vir aanpassings in beleid en herorganisasie en modernisering van die administratiewe masjinerie;
- die studente vir die redelike en volwasse manier waarop hulle geprotesteer het, wanneer dit volgens hulle siening nodig was. Vir hulle prestasies—in die akademie, op sportgebied en in die kulturele en geestelike studentelewe asook hulle waardige gedrag op die kampus en buite die kampus. Die stigting en

- Stellenbosch het in 1976—in die tweede jaar van sy laaste ampstermyn—sy eerste tandartse gelewer.
- Die Ontwikkelingsfonds, wat as doel het die aanvul van die U.S. se geldbronne, is gestig. Dié besluit is ook in 1970 geneem nadat dit duidelik geword het dat die opbrengs van die Eeufeestrustfonds ontoereikend sou word om die beplande ontwikkelingsprogram deur te voer.
- 'n Jaarlikse Herfsskool het gebruik word. Dit is die eerste keer in 1975 aangebied. Die Herfsskool bied 'n openbare forum vir bespreking van akademiese aard wat andersins moontlik nie sou kon plaasvind nie.
- Die uitlywing van die fakulteit landbou—belangrike en uiters delikate onderhandelings is met die Departement Landboutegniese Dienste gevoer oor eiendomme, personeel en finansiering toe die Universiteit beheer oor dié fakulteit verkry het. Sedertdien is Mariendahl as eie proefplaas ontwikkel.
- Die internasionaalbekende U.S.-Koor het prof. De Villiers altyd baie na aan die hart gelê. Dit was altyd hy en sy vrou se wens om die koor op een van sy oorsese toere te vergesel, maar die geleentheid het hom nooit voorgedoen nie. 'n Heeltydse bestuurder is in 1976 vir die koor aangestel en die dirigent is baie meer losgemaak van sy akademiese pligte. Aangesien die koorbestuurder in die personeel van die departement ontwikkeling is, is dié departement ook nouer by die werksaamhede van die koor ingeskakel.

EN DANKIE

uitbouing van USKOR is iets waarop U.S. baie trots is. Dit is my persoonlike mening dat dit die kwaliteit van sy studente is wat die kwaliteit van 'n universiteit bepaal. Ons het rede om trots te wees op ons studente en ons Universiteit vir die hoë standaarde wat hier gehandhaaf word;

- die Oud-Maties vir hulle lojale ondersteuning—moreel en geldelik;
- die donateurs—individue en maatskappye. Dit is hulle bydraes wat die skepping van besondere geriewe aan hierdie Universiteit moontlik gemaak het. Ek noem maar enkeles wat sonder enige staatsfinansiering opgerig is, maar met die hulp van donasies: die D.F. Malan-gedenksentrum, die rekortan-atletiekbaan en 'n muurbalbaankompleks.

Om die amp van rektor aan hierdie Universiteit te kon beklee het, was 'n groot eer, en ook 'n groot genot. Elke dag se werk was louter plesier. My werk was ook my ontspanning. Dit was heerlik om met 'n geesdriftige span saam te werk. Ek loof die Here vir Sy leiding en vir die seëninge wat Hy geskenk het aan hierdie Universiteit.

Mag die Universiteit voortgaan om, soos in die verlede, die leiers van ons volk te kweek op alle gebiede. Mag die toekoms van die Universiteit glorieryk wees.

J.W. de Villiers

Prof. De Villiers neem die amptelike ingebruikneming waar van Coetzenburg se rekortan-atletiekbaan. Dit was 9 November 1974. Die rekortanbaan is moontlik gemaak deur 'n skenking aan die Universiteit waarin prof. Jannie 'n groot aandeel gehad het. In sy jare as Rektor het atletiek aan die U.S. 'n besondere bloeitydperk beleef en Stellenbosch is vandag ongetwyfeld een van die belangrikste atletieksentrums in die Republiek.

- Die feit dat die U.S. vandag sy eie blaasorkes het, is alleenlik aan prof. De Villiers te danke. Hy is ook erevoorsitter van die blaasorkes.

OP die gebied van sport het prof. De Villiers 'n onmeetlike bydrae aan die Universiteit gelewer. In sy jongjare was hy self 'n groot sportman en het veral uitgeblink in tennis en hokkie. Hy was eers die W.P. se o.16 enkelspelkampioen en daarna vir twee jaar die o.18 kampioen in die enkelspel. As 16-jarige matriekseun het hy in 1939 die Bolandse Opetoernooi in die Strand gewen teen die bekende eertydse Springbok, Cyril Robbs.

Die Universiteitskoor het prof. De Villiers altyd baie na aan die hart gelê. Hier wens prof. Jannie vir dr. Johan de Villiers die beste toe kort nadat laasvermelde die leisels as koorleier by prof. Philip McLachlan oorgeneem het. Dié foto is in Januarie 1977 met dr. Johan de Villiers se heel eerste kooroefening geneem.

In die jaar wat hy aan die U.S. was, het hy halfkleure vir tennis verwerf. Aan die U.K. het hy in al ses studiejare volkleure verwerf en was kaptein in die laaste twee jaar. In sy eerste jaar het hy saam met David Townsend die S.A. dubbelspeltitel vir juniors op Ellispark verower.

In hierdie jare was die groot tenniskragmeting in Wes-Kaapland altyd die Stad teen die Platteland (dit is min of meer wat W.P. en Boland vandag is). Prof. De Villiers was jare lank saam met wyle dr. Dawie Krige van Stellenbosch die topgekeurde mansdubbelspelpaar van die Stad se span.

Prof. De Villiers was ook 'n kranige hokkiespeler en het in al sy studiejare aan die U.K. vir die eerstespan uitgedraf. Hy het in vyf van die ses jare volkleure verwerf. Een van die manne wat gereeld saam met hom in die span gespeel het, was Jack Cheetham wat Suid-Afrika later op die krieketveld aangevoer het.

As rugbyspeler het prof. De Villiers vir die toentertydse span van Groote Schuur gespeel wat deur Afrikaanssprekende studente van die U.K. gestig is. Dié span het die U.S. een jaar met 6 – 3 geklop en in die daaropvolgende jaar nul-nul gelykop gespeel! (Hy het vir Groote Schuur se 2e span op vleuel diens gedoen.)

Prof. Jannie de Villiers is in 1949 getroud met mej. Geraldine de Villiers, 'n dogter van wyle mnr. G. F. S. de Villiers van Sanlam en Santam. Sy het haar ook aan die U.K. as geneesheer bekwaam. Die egpaar het vyf kinders waarvan drie reeds getroud is. Vier van hulle is Oud-Maties en die vyfde, Ilse (sy is ook die jongste) is 'n finale jaar B.A.-student op Stellenbosch. Gerrie, die oudste seun, het in die regte gestudeer en is produkbestuurder in Johannesburg by A.E.C.I. Marié het B.Comm. aan die U.S. behaal en is op die oomblik boervrou in die distrik Caledon—sy is nou mev. Marié de Wet. Tobie het in sy pa en ma se voetspore gevolg—hy is geneesheer op Olifantshoek. Jeanne het arbeidsterapie op Stellenbosch gedoen en werk tans in Kaapstad.

Regs: Prof. Jannie se vrou, Geraldine, was as spreekster gereeld in aanvraag en het haar altyd skitterend van haar taak gekwyt. Mev. De Villiers, wat 'n gekwalifiseerde geneesheer is, het aan die Tegniese Kollege op Stellenbosch klasse doseer in mediese kennis en etiek aan studente wat hulle as ontvangsdames by geneeshere kwalifiseer. Sy is o.m. ook erelid van die mediese en Tandheelkundige Vroueklub in Bellville en gedurende hulle eerste jare op Stellenbosch het sy ook nou ingeskakel by die Universiteit se Vroueklub. Mev. Geraldine de Villiers was alom bekend vir haar goeie smaak en dat sy die kuns deeglik geken het om enige onthaal vlot te laat verloop.

Bo: Prof. Jannie en mev. Geraldine de Villiers was die ideale gasheer en gasvrou. Mense het altyd met groot waardering gepraat van hulle absoluut korrekte optrede. Hier is die egpaar saam met die Eerste Minister en mev. P. W. Botha en prof. Gawie Cillié op 'n gesellighéid in November 1974. (In daardie stadium was dr. P. W. Botha nog Minister van Verdediging.)

Onder: Twee wêreldberoemde medici en hulle gades byeen. Prof. Jannie de Villiers, wat as ginekoloog en verloskundige internasionale aansien geniet het, gesels hier met die bekende hartchirurg, prof. Chris Barnard. Prof. Jannie en prof. Barnard was klasmaats in die jare veertig op Ikeys.

Bo: Prof. Jannie de Villiers was in sy jongjare 'n uitmuntende sportman en het veral uitgeblink in tennis en hokkie. In latere jare het hy graag gholf gespeel. Hier is hy op die Milnertonse gholfbaan saam met die bekende sakeman en Oud-Matie, Jan Pickard (links), en die wêreldbekende gholfspeler, Gary Player. Dit was op 1 Mei 1971.

Regs: Die Lombard-vierling, De Waal, Jannie, De Villiers en Klasie, is deur prof. Jannie die wêreld ingehelp toe hy nog dokter op Calvinia was. De Villiers is ook na hom vernoem. Dié foto van die vierling is op hulle eerste dag as studente aan die U.S. geneem. Dit was in 1971 sowat 'n jaar nadat prof. De Villiers Rektor geword het.

Prof. Jannie die

DIE nuwe Rektor van die Universitiet van Stellenbosch het sy persoonlike assistent teen wil en dank geërf. Die teenoorgestelde was ook waar! Albei het darem geweet hoe die ander lyk, maar dit is 'n brose fondament om 'n dekade van saamwerk op te bou! Die wil én die weg was egter daar.

Die aanvanklike toenadering was noodwendig voelvoel van albei kante, maar met verloop van tyd het wedersydse begrip ontwikkel tot later net die geringste tekens of enkele woorde as opmerkings op 'n brief voldoende leidraad vir afhandeling was. Soms is omvattende memoranda egter nodig of volledige agtergrondgegewens waarvolgens die Rektor met vertroue (?) kan handel. Gelukkig is die volle spektrum van die Universiteit tot beskikking en die akademiese en administratiewe personele baie hulpvaardig.

Dit bly begryplikerwys moeilik om jou in te dink en in te leef in die styl, denkwyse en selfs beskouinge van elke rektor en om altyd die oogpunt en belange van die universiteit in sy geheel voor oë te hou. Die ,,ego'' gaan egter op

Operasie was uniek

DIE groot hartoperasie, bekend as 'n kroonslagaaromleiding, wat prof. Jannie de Villiers op 12 Junie in die Tygerberg-Hospitaal ondergaan het, was die eerste wat in dié hospitaal uitgevoer is — eerste omdat daar in die verlede nog nie voorheen vyf omleidings gedoen is nie. Die operasie was baie geslaagd en terselfdertyd ook 'n wonderlike prestasie.

Prof. De Villiers se herstel was absoluut merkwaardig. Hy het bv. 'n dag na die operasie opgestaan en was tot dinge in staat wat ander, wat 'n soortgelyke, dog heelwat minder ernstige operasie gehad het, gewoonlik eers na 'n week of tien dae kan doen. Dit klink ongelooflik, maar hy was op 18 Junie — presies ses dae nadat sy lewe aan 'n draadjie gehang het — weer terug by sy woning op Stellenbosch. Hy sê hy het nooit enige pyn gehad nie, want hy het selfhipnose toegepas. En glimlaggend daaraan toegevoeg: ,,Buitendien het ek geweet ek is in goeie hande. My oud-studente ken mos hulle storie!'' En dit is wat die operasie nog soveel te meer uniek maak.

Die hoofchirurg — sy naam mag om professionele redes nie vermeld word nie — is 'n oud-student van prof. Jannie. Trouens prof. De Villiers beskryf hom as ,,een van die briljantste studente wat ek in al my jare as dosent in die fakultiet van geneeskunde aan die Universiteit van Stellenbosch geken het''. Maar dis nie al nie — prof. De Villiers het sy eerste twee kinders in die lewe gebring.

Dr. Johan Rossouw, wat die hoofassistent tydens die operasie was, is ook 'n oud-student — en oud-intern — van prof. Jannie. Dieselfde geld vir albei spesialisnarkotiseurs (ook hulle name mag ongelukkig nie vermeld word nie). Een van hulle het op Calvinia grootgeword waar prof. De Villiers sy eerste praktyk gehad het nadat hy afgestudeer het. Daar het prof. Jannie dié man se mangels uitgehaal en mev. Geraldine de Villiers — sy is natuurlik ook 'n geneesheer — was die narkotiseur tydens die operasie.

Maar dis nóg nie al nie — toe prof. De Villiers hoof van die ginekologiese afdeling in die Karl Bremer-Hospitaal was, was suster Susan Möller 15 jaar die suster in bevel van dié afdeling. Prof. Jannie is op 12 Junie uit die aard van die saak in die chirurgiese afdeling in Tygerberg geopereer. En wie, het hy verneem, is tans hoofmatrone van al die chirurgiese afdelings by Tygerberg? Niemand anders as die gewese hoofsuster Susan Möller van Karl Bremer-Hospitaal se ginekologiese afdeling nie. Mens hoef nie eers te vra hoe goed prof. Jannie na die operasie versorg is nie!

Vir die rekord kan miskien net gemeld word dat daar afgesien van die bovermelde mense — met die uitsondering van matrone Möller — nog drie geneeshere teenwoordig was met die operasie. Nie een van hulle het egter vroeëre verbintenisse met die pasiënt gehad nie.



Prof. Jannie se herstel na sy groot hartoperasie het almal verstom. Hier groet sy vrou, Geraldine, hom net 24 uur nadat 'n operasie op hom uitgevoer is wat nog nie voorheen in die Tygerberg gedoen is nie.

mens

in die „universitas". Die gawe van wedersydse aanvoeling (empatie?) is egter 'n uiters belangrike hulpmiddel. Dit is die smeermiddel wat die wiel laat rol sonder om later kermend vas te brand.

Hierdie wedersydse begrip ontwikkel mettertyd op die mees vertroulike en persoonlike vlakke — daarom is dit juis so moeilik om hierdie artikel te skrywe. Jy meld die ongewenste en laat die belangrike weg. Daarom, gewaardeerde leser, sal ek probeer om katvoet op die draad van Alsirat oor die vlamme te loop!

Tydens die Rektor se siekteverlof neem ek 'n kitsfoto van Maggie Loubser se „Ou Skaapwagter" wat in sy kantoor hang. Ek oorhandig dit later aan die Rektor met die woorde dat die ou wagter al die jare 'n swygende getuie was van die wel en wee, die storms, die verhore op die rooi tapyt en die diepe beraad wat voor sy oë plaasgevind het, maar dat hy nooit 'n woord van wat hy gehoor het, gerep het nie.

Prof. Jannie antwoord: „Hy het maar seker net nie alles verstaan nie." Onder in ons albei se gedagtes draai egter die woord: „Vertroulikheid", want tussen die Rektor en sy assistent moet volkome vertroulikheid en

deur KOOS OOSTHUYSEN wat vir 9½ jaar prof. De Villiers se persoonlike assistent was. (Mnr. Oosthuysen is ook 'n gewese redakteur van Matieland.)

vertroubaarheid heers en vir dié twee moet betroubaarheid die fondament wees — die „sine qua non". Meer sal ek dus om begryplike redes nie sê nie, behalwe 'n hartgrondige: „Dankie, meneer die Rektor."

Maar hoe behou jy die peil van 'n werksituasie van vertroulikheid oor soveel jare sonder om te daal tot „familiarity which breeds contempt ?" In elke werksomstandigheid is daar geleenthede van verskil of die oomblikke van krisis. Dan is daar egter altyd die veilige benadering deur die formele wyse van optrede sonder dat persoonlike kwetsure ontstaan. Deur die jare het die Rektor dus „Professor" vir sy assistent gebly en sy assistent het „Mnr. Oosthuysen" gebly. Dit verhoed egter nie dat die Rektor op 'n drukke Maandagoggend kon skryf: „Erkens ontvang". Net 'n glimlaggie, en dan al weer die volgende ....

(blaai om)

Prof. Jannie in gesprek met mev. Margaret Thatcher, Eerste Minister van Brittanje. Die foto is in Junie 1973 in die Britse Laerhuis geneem toe mev. Thatcher Minister van Onderwys en Wetenskap in mnr. Ted Heath se Torykabinet was. Prof. Jannie beskou mev. Thatcher as een van die indrukwekkendste vroue wat hy nog ontmoet het. Unisa se Rektor, prof. Theo van Wijk, verskyn tweede van links op die foto, en prof. Gerrit Viljoen, Rektor van die R.A.U., regs.

Vir Lofwaardige Diens...

DRUKWERK- EN VERPAKKINGSPESIALISTE

TRIO-RAND DRUKKERS Tel. 53-2011
S.A. LITHO CO. LTD. Tel. 53-2011
PREMIER STATIONERY Tel. 53-2011
REPROGRAPH REPRODUCTIONS Tel. 53-2011
AFRIC MAIL ADVERTISING Tel. 45-4301
STANDARD PRESS Tel. 53-2011
SPECTRUM OFFSET Tel. Johannesburg 836-9391
DAGBREEK PERS (KAAP) Tel. 53-2011
KOMPERPRINT Tel. 53-6106
MASKEW MILLER Tel. 22-4151, 45-7731
PLASTICWRAP Tel. 53-2011

TRIO·RAND/S.A.LITHO
GROEP VAN MAATSKAPPYE

Prof. Jannie is 'n gemeenskapsmens. Die Here het hom en sy eggenote geseën met vyf gesonde, wellewende en intelligente kinders. Hulle was 'n speerpunt van die studentegemeenskap in sy huis. Met hulle bedrywighede was hy altyd op die hoogte en met al die studentebesoekers het hy graag gesels. Hoe meer siele ... definitief meer vreugde, grappies en jolyt. Maar tussen die informele geselsery gebeur dit alte dikwels dat die gesprek diepsinnig word want in die diepte van sy wese bly 'n student 'n soeker na waarheidsdiepte en wil hy graag eerlike en getoetste ervaring insamel, want daar is baie sake wat 'n denkende jongmens kwel.

Ek beskou dit dus as 'n besondere voorreg om telkens die informele vergaderings van die Rektor en die Studenteraad te kon bywoon. Aan elke nuwe S.R. verduidelik die Rektor dat die vergaderings vertroulik is en hy gesels, met voorbeelde, oor wat vertroulikheid behels. So 'n vergadering gee dan, juis vanweë sy vertroulikheid na buite, ook die geleentheid vir die vertroulike gesprek na binne — die ware arena vir vrye gedagtewisseling sonder dat 'n ,,derde persoon'' soos besoekers by S.R.-vergaderings of lede van die nuusmedia persoonlike gedagtes rapporteer terwyl die lede van die vergadering al die tyd besig is om nog hardop te dink, en die voor en teen nog oorweeg word. Hier was die geleenthede waarop die Rektor die S.R. kon inlig, hulle vrae beantwoord of aan hulle sê: ,,Nee, gesels julle daaroor dat ek kan hoor wat julle dink. Julle moet vir my die klankborde van die studentemening wees.''

Maar wat is die rol van die assistent van die Rektor dat hy by moet wees? Eenvoudig! By sulke gedagtewisselinge waar die S.R.-lede soms sterk van mekaar verskil, duik elke keer punte op wat opgevolg moet word. Al word geen formele notules gehou nie, word tog van aktuele punte aantekening gehou. Die Rektor stel hom dan persoonlik tot beskikking om daaraan aandag te gee. Aldus het hier goeie betrekkinge tussen die S.R. en die Rektor bestaan. (Hierdie soort samesprekinge word reeds deur die nuwe Rektor voortgesit.)

In die lewe van Jannie, die mens, het die Hoër Hand verskeie kere wendinge gebring — soms so duidelik soos dié van 'n Paulus. Die Karoo-seun op Beaufort-Wes, kom as eerstejaar na Stellenbosch om predikant te word, maar gaan die volgende jaar na die Kaapstadse Universiteit om geneesheer te word — aanverwante belangstellings. In 1956 is hy egter terug by die Universiteit Stellenbosch as hoogleraar in verloskunde en ginekologie! En in 1970 terug op die ou kampus as Rektor van die Universiteit van Stellenbosch.

Intussen was Stellenbosch salig onbewus van die ernstige koronêre probleem as gevolg waarvan prof. De Villiers aan die einde van 1969 in der waarheid klinies dood was, maar weer sodanig herstel het dat hy in 1970 vol ywer sy rektorsamp aangepak het. Hy was 'n volgende werkskof geskenk en het dit nege en 'n halwe jaar entoesiasties aan sy eerste Alma Mater gewy.

Op 16 Maart 1979 slaan die ou kwaal verwoed toe en hy ag dit goed om liewers as rektor te bedank, maar hy sou weer soos Lasarus verrys. Een van sy oud-studente verwyder op 12 Junie die vernouings uit vyf van sy hartare en doen die omleidings met are uit sy bene. Op 18 Junie was hy al weer by sy huis! Lewegewende bloed bruis deur sy are soos nooit tevore nie. Sy volgende skof kon begin!

Prof. De Villiers spit die eerste sooi op die terrein in Banhoekweg, Stellenbosch, waar die nuwe Rekensentrum vandag staan. Dit was maar een van talle projekte wat in sy jare as Rektor aangepak en voltooi is. So was daar bv. onder meer die Langenhoven-studentesentrum, die Ou Mutual-sportsentrum, die Danie Craven-stadion, die C.G.W. Schumann-gebou, Helshoogte, Erica, Nemesia en Serruria wat ook die Tinie Louw-sentrum huisves, en talle meer.

Die diepe godsdienssin van Jannie, die Christen, is veral in hierdie dae beproef. Op 6 Junie (sal 'n mens so 'n oomblik vergeet?) kom prof. De Villiers sakies op kantoor doen. Die gesprek draai weg van universiteitsake en wentel om die klein dingetjies in die lewe wat so bedagsaam deur die Voorsienigheid vir 'n mens gereël word! Die man wat al soveel jare liggaamlik gely het en nogtans soveel energie geopenbaar het, staan op uit sy stoel en met trillende ontroering sê hy: ,,Meneer Oosthuysen, die klein dingetjies! Ek voel so skaam want ek maak misbruik van die Here se goedheid. Ek val Hom soveel lastig met my eie sakies!'' Dit was die praktiese belydenis van iemand wat stilweg met sy God wandel.

★ ★ ★

Die groot operasie lê voor. Die Kantoor van die Rektor stuur 'n telegram ter bemoediging: Ps. 91:2 — ,,Ek sal vir die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou.''

En die groot Geneesheer
Laat 'n kind van die Heer
Nogmaals oor die dood triomfeer!

Nuwe Rektor is

DE VRIES BAIE

EK is maar net 'n produk van die „Afrikaner-denke op Stellenbosch en van Kaapland in sy geheel." Só beskryf hy homself en dit is hy inderdaad.

Michiel Josias de Vries, 'n seun van die Klein-Karoo, vier onderskeidings in matriek, cum laude-student, voortreflike sportman, briljante skeikundige, hoogleraar in fisiese chemie op 30-jarige ouderdom, dekaan, tweede vise-rektor van die U.S., en sedert 1 Julie amptelik Rektor van die Maties — 'n verbintenis wat strek oor bykans 28 jaar. Die aanstelling van prof. Mike de Vries as Rektor van die Maties in die plek van prof. Jannie de Villiers het oral groot byval gevind.

Hy was immers die voorhandliggende keuse aangesien hy reeds sedert 1 September 1976 vise-rektor was. Dít tesame met die feit dat hy reeds deur en deur sy merk gemaak het as knap akademikus, opvoedkundige en administrateur het hom die geskikste man vir dié groot taak gemaak.

Prof. De Vries kan waarlik daarop roem dat hy op Stellenbosch deur die range na bo gevorder het. Hy was student, senior lektor, hoogleraar, dekaan en vise-rektor en in al hierdie poste het hy werk van haas onoortreflike gehalte gelewer. Hy is ongetwyfeld skitterend toegerus om te dien as die Maties se hoofuitvoerende amptenaar. En soos sy voorganger is hy ook 'n oud-Dagbreker! (Prof. Thom, prof. Jannie de Villiers se voorganger, is ook 'n oud-inwoner van die Huis van Roem en Faam.)

Prof. De Vries, wat op 5 Mei 1933 op Barrydale gebore is, het die grade B.Sc. (cum laude) en M.Sc. aan die U.S. verwerf. Sy doktorsgraad het hy aan die Albert Ludwig-universiteit in Freiburg, Duitsland, met die hoogste lof geslaag. Hy is o.m. 'n volle lid van die Raad van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, het reeds 24 publikasies in nasionale en internasionale tydskrifte die lig laat sien, en dien in verskeie rade en komitees.

Die aanvallige mev. Renée de Vries is bekend as 'n natuurlike en spontane mens. Sy het haar as onderwyseres aan die U.S. bekwaam. Mev. De Vries is verskeie tale magtig en is juis tans besig om haar Frans in die Universiteit se taallaboratorium op te knap.

MAAR hoe sien hy sy nuutopgelegde taak?

„'n Universiteit moet dikwels in 'n gemeenskap leiding gee. Daar moet dus vooruit gedink word; daar moet aan die gemeenskap gesê word wat op die langer termyn die voordeligste gaan wees, hoewel dit nie noodwendig hoef te wees wat die gemeenskap graag wil hê nie. Mens moet egter versigtig wees hóé jy vooruit beweeg. Dit moenie só wees dat niemand gewillig is om te volg nie, dan word daar nie meer 'n leiersrol gespeel nie!

„Die U.S. is Afrikaansgeoriënteerd — dit is in diens van die Afrikanervolk. Ons optrede en beleid moet altyd só wees dat die verbintenis met die Afrikaner nie geskaad word nie. Die noue band tussen dié twee moet heg bly."

Prof. De Vries meen ook dat hoewel die U.S. 'n volksuniversiteit is, dit 'n besondere plig teenoor die Wes-Kaap het. „Ons het hier 'n rol te speel. Ons moet ons manne- en breinkrag inspan om die groeikoers van die Wes-Kaap, wat nie na wens is nie, te probeer verbeter. Daar is reeds verskeie aspekte waar ons help, bv. met 'n plan oor energievoorsiening, ontsouting van brakwater en ander. Maar ek meen ons kan dit verder voer — wat van die aanlê van 'n oesterbedryf, soos in Japan? Ons kan miskien ook 'n varswatervistelery begin . . ."

Hoe voel hy oor die huidige Matie? „Die beste", sê hy, „ons is in die gelukkige posisie dat ons studente van topgehalte trek — 63% van 1979 se eerstejaars het C-simbole (die ou eersteklas) in matriek behaal, 10% het gemiddelde A-simbole behaal en ongeveer dieselfde persentasie was hoofleerlinge van hulle skole. Ons het dus hier 'n geweldige breinkrag versamel en dit is dus te wagte dat hier gedink en geredeneer sal word, dat hier altyd gistingsprosesse aan die

GOED TOEGERUS

gang sal wees. Ons moet net lig loop vir emosionele uitsprake — dít is nie 'n universiteit se plig nie. 'n Universiteit se plig is om altyd 'n gebeurtenis of situasie wetenskaplik te ondersoek en dienooreenkomstig 'n eerlike en wetenskaplike mening uit te spreek."

En die nuwe Rektorsvrou, hoe sien sy háár taak? Mev. Renée de Vries is iemand wat altyd sal sorg dat daar 'n stukkie son in die huis is. Sy is 'n positiewe, natuurlike mens sonder fieterjasies, altyd sjarmant en paslik ook 'n Oud-Matie. Sy sê sy glo nie hulle lewenswyse gaan ingrypend verander nie — ,,miskien net besiger, as dit moontlik is". Die egpaar het drie dogters, Michelle (8), Terry (16) en Lize (19). Lize is 'n tweedejaar B.Sc.-student—op Maties natuurlik!

Die jare tagtig sal inderdaad 'n oorgangstydperk in ons geskiedenis wees — gelukkig het die U.S. 'n man aan die roer wat glo dat een van die grootste eise waarin die jong mense sal moet help, is om menseverhoudinge te verbeter.

Matieland se beste wense vergesel die nuwe Rektorspaar in hulle groot taak.

Die Maties se nuwe Rektorspaar, prof. en mev. Mike de Vries nuttig 'n koppie tee saam met hulle drie dogters in die tuin van hul woning. Links sit Lize (19), B.Sc.-student in haar tweede jaar op Maties (sy volg in haar vader se voetspore), die agtjarige Michelle sit in die middel, en Terry (16), 'n leerling in standerd nege aan die Hoër Meisieskool Bloemhof op Stellenbosch, verskyn regs op die foto. Prof. en mev. De Vries het mekaar ,,van nader leer ken" op die galatoer van die B.T.K. in 1953 . . .

ROUX DE VILLIERS

Die Maties se nuwe viserektor, prof. Roux de Villiers, staan hier saam met sy vrou, Hannetjie, en hulle jongste spruit, Roux, in die tuin voor hul pragwoning in Uniepark op Stellenbosch.

WORD VISE-REKTOR

SOWAT anderhalfjaar gelede het die dekaan van die fakulteit ingenieurswese aan die Universiteit van Tel-Aviv, prof. Maurice A. Brull, aan die U.S. besoek gebring. Na etlike uur by Stellenbosch se fakulteit ingenieurswese het hy teenoor 'n lid van die departement ontwikkeling opgemerk: ,,Your dean truly knows his oats. I wish he could go back to Israel with me to show us how a School of Engineering really should be run. What an impressive man.''

Die dekaan waarna die Israelse professor verwys het, is natuurlik prof. J. W. R. de Villiers, nuwe vise-rektor van die Maties.

Almal wat Jacobus Wrensch Roux de Villiers ken, weet hy is 'n man met 'n groot intellek, 'n meester van sy vak wat beskik oor 'n wye kennis van alle aspekte van die universiteitswese. Sy presiesheid, sy koele beredenering van alle aangeleenthede en die kalm en bedaarde wyse waarop hy teenoor almal optree, dwing oral groot agting af. Hy is 'n gedissiplineerde man en daarvoor bekend dat hy reguit praat.

Prof. Roux de Villiers, so ken almal hom, is byna reeds 'n kwarteeu aan die U.S. verbonde — benewens sy jare as student. Eintlik is hy 'n Stellenbosser in merg en been. Hy is op 10 Mei 1927 in die distrik gebore en was nog jonk toe sy vader, wat 'n boer was, oorlede is. Hulle het toe na Stellenbosch verhuis waar hy dan ook sy hoërskooljare deurgebring het. Hy het die grade B.Sc., B.Ing. en M.Sc. met die hoogste lof aan die U.S. verwerf.

In 1966 het hy sy doktorsgraad in ingenieurswese aan die Universiteit van Cambridge behaal. Ook daar het dié dinamiese en briljante man spoedig sy merk gemaak. Die gevolg? Hy is 'n pos daar aangebied. Gelukkig vir Stellenbosch, het hy egter die baie rooskleurige aanbod van die hand gewys en teruggekeer na die Eikestad.

Dit was in die jare toe hy in diens van die Spoorweë was wat hy sy vrou, Hannetjie, in Pretoria ontmoet het. Hy en sy goeie vriend, Johan Taute, wat saam met hom op Maties was, het soggens op pad werk toe in 'n stadium gereeld 'n aantreklike dametjie teëgekom wat in 'n teenoorgestelde rigting gestap het. (Mnr. Taute is terloops later met prof. De Villiers se suster getroud en beklee vandag 'n senior pos in die Spoorweë.)

'n Paar oggende later sê prof. De Villiers aan sy vriend: ,,Dís nou die soort meisie wat ek graag eendag as my vrou sou wil vat.'' Op 'n dag word hy gevra om 'n sekere dame by haar woning vir 'n potjie tennis te gaan haal. Toe hy aanklop, maak die dame wat hy en sy vriend soggens teëkom die deur oop! En net daar het dit begin ... die eertydse mej. Hannetjie van Nieuwenhuizen is vandag die Maties se vise-rektorsvrou.

Sy is 'n baie aangename mens en het altyd vir almal 'n vriendelike glimlag. Op haar stil en rustige manier vul sy haar man wonderlik aan. Die egpaar het drie seuns. Eddie, die oudste, het B.Comm. aan die U.S. verwerf en is tans in die Vloot. (Hy werk aan sy honneursgraad.) André is 'n mediese student aan Maties in sy vierde jaar. Roux, wat buitengewoon skrander is, is nog op laerskool.

Prof. De Villiers se gesin beteken vir hom alles. Hy is by uitstek 'n gesinsman. Vir hom is hulle een van sy belangrikste bronne van krag. Die hele gesin is ook bekend as diepgelowige mense wat 'n afsku het aan vertonerigheid.

Die Maties se nuwe tweede-in-bevel het die probleme van jonkwees en studentwees ook nie vergeet nie. Hy kan hom inleef in die gees van jong mense — hy was immers langer as tien jaar inwonende hoof van Helderberg en is tot vandag toe nog president van die Helderberg Republiek!

Prof. De Villiers het as jong man op sportgebied geskitter. Hy het provinsiale kleure verwerf vir tennis en pluimbal en was 'n gereelde eersteliga rugbyspeler toe hy in Transvaal gewerk het. Hy was ook o.m. in 'n stadium kaptein van die Spoorwegrugbyspan van Transvaal.

Stellenbosch is trots dat 'n man van dié kaliber in sy top-echalon is. Matieland wens hom en sy gesin die allerbeste toe.

Prof. Roux de Villiers is een van talle professore wat graag op 'n fiets werk toe ry. Hy doen dit om fiks te bly, maar in die lig van die huidige prys van brandstof is dit inderdaad 'n navolgenswaardige voorbeeld. (Foto: Colin Edwards.)



Op hierdie bladsye verskyn 'n samevatting van 'n belangwekkende verslag deur dr. Elizabeth M. Nel, senior lektrise in sielkunde aan die U.S., oor die invloed van televisie-advertensies op kinders. Dr. Nel is deur twee Amerikaanse universiteite genooi om navorsing te doen oor massakommunikasie met besondere klem op televisie. Die ondersoek was hoofsaaklik gerig op Amerikaanse kinders, maar 'n soortgelyke situasie is reeds in S.A. aan die ontwikkel. Sy het sowat 'n jaar aan die Universiteit van Kalifornië in San Francisco en die Universiteit Stanford (net buite San Francisco) deurgebring. Die uitnodigings is onderskeidelik aan haar gerig deur Stanford se Institute for Communications Research en die Universiteit van Kalifornië se Laboratory for the Study of Human Conflict. Aan laasvermelde universiteit het sy o.m. deelgeneem aan 'n studieprojek getiteld Children's Responses to Commercials on TV.

'n Veldtog om kinders skepties teenoor televisie-advertensies te stem, sou met vrug in Suid-Afrika georganiseer kan word.

Oor die hele wêreld, en veral in Amerika met sy uiters gekommersialiseerde televisiediens, bestaan groeiende kommer oor die invloed van TV-advertensies op kinders. Een vrees is dat 'n geslag van verbruikers geskep word. Navorsers sê selfs dat TV-advertensies kinders materialisties, gierig en besitlik maak.

Kinders tussen twee en elf jaar in die V.S.A. sien jaarliks meer as 20 000 advertensies op televisie, volgens navorsing in 1977. Dit het geblyk dat kinders wel deur hierdie advertensies beïnvloed word om hul ouers te vra om die spesifieke produkte te koop.

Kinders bestee meer tyd voor die televisie as in die skool, het Albert Kramer, voorsitter van die Federale Handelskommissie se Verbruikerbeskermingsburo, uit studies bewys. Hy bevind dat drie uur per week se televisie-advertensies direk gemik is op die groep van ses tot elf jaar. Tussen 7 000 en 15 000 van dié advertensies is vir versuikerde ontbytgraankos.

Die standpunt van die vervaardigers is weer dat suiker 'n noodsaaklike deel van die dieet vorm en dat goeie tandeversorging en ouerlike leiding noodsaakliker is vir goeie gesondheid. Hulle sê dat net een derde van tandverlies aan tandbederf gewyt kan word; die meeste mense verloor hul tande as gevolg van tandvleisprobleme wat veroorsaak word deur swak tandversorging.

Een van Kramer se hoofargumente is dat kinders onder agt jaar nog nie kan onderskei tussen die onmiddellike bevrediging van 'n soet tand en die langtermyn-gevolge nie: tandbederf, vetsug, suikersiekte en hoë bloeddruk.

Opvoedkundiges, sielkundiges en ouers meen dat dit onregverdig is om advertensies op kinders te rig, omdat hulle nog nie in staat is om die voor- en nadele van die advertensie of die produk wat geadverteer word, te evalueer nie.

Vitamiene pille, wat die tweede mees algemene vorm van vergiftiging van kinders onder vyf jaar is, word as lekkergoed eerder as medisyne voorgestel. So het die vierjarige Erin Sheldon van Overland, Texas, 40 vitamiene pille geëet omdat hy graag vinnig groot en sterk wou word, soos die advertensie gesê het. Sedert 1972 is advertensies vir vitamiene tablette nie meer op Amerikaanse kinderprogramme te sien nie.

Adverteerders verstaan wel deeglik watter goeie teiken die kind is. Een het dit so uitgedruk: ,,As jy jou produk aan 'n vrou ,verkoop' het, en sy die spesifieke handelsmerk nie in die winkel kry nie, vergeet sy daarvan. Maar as jy 'n kind oortuig het, en jou produk is nie beskikbaar nie, sal hy op die vloer neerval, skop en huil. So 'n reaksie kry jy nie by 'n volwassene nie."

'n Ander se raad lui: ,,As jy werklik 'n groot afset wil hê, sal jy die kind as assistent-verkoopman gebruik. Hy verkoop, hy neul, totdat hy sy ma se weerstand afgebreek het."

Hoewel adverteerders sê dat die ouers tog kan weier om enigiets te koop en dat die mens 'n natuurlike soet tand het, lyk dit asof die oorwig advertensies vir suikerprodukte dit reeds regkry om die jong kind se waardes oor voedsel te verander deur soetigheid, kleur, genot en selfs bykomstighede soos geskenke in pakkies te beklemtoon.

Die Amerikaanse Council for Merchandising het gevind dat 'n kind wat die eerste nege maande van 1975 gedurende naweke na die drie groot netwerke se dagprogramme gekyk het, 3 832 advertensies vir ontbytkosse (baie van hulle oormatig versuiker) en 1 627 vir kougom gesien het. Daarteenoor sou hulle net twee advertensies vir vleis en pluimvee en een elk vir groente en kaas gesien het.

'n Kind wat ,,matig" televisie gekyk het (sowat 25 uur per week), is met 8 500 tot 13 000 voedsel- en koeldrank-advertensies gedurende die jaar gebombardeer. Dit is ook 'n feit dat die voedselsoorte wat die meeste geadverteer word, juis dié met die laagste voedingswaarde is.

TV-ADVERTENSIES SE INVLOED OP KINDERS

In die Kersseisoen vermeerder die speelgoed-advertensies geweldig: op een enkele Saterdagoggend kort voor Kersfees in 1977 het die drie Amerikaanse netwerke onderskeidelik 63 (Columbia Broadcasting Corporation), 62 (American Broadcasting Corporation) en 55 (National Broadcasting Corporation) speelgoed-advertensies gewys.

Baie van die advertensies is doodgewoon misleidend. Die speelgoed voldoen dikwels nie aan die advertensies se beloftes nie, dit breek maklik en die groottes word foutief voorgestel.

Dit het al praktyk geword om aan die einde van die advertensie 'n flits te wys waar in fyn druk gesê word dat sekere dele apart verkoop word. Soms sê die aankondiger vinnig aan die einde dat die pop se klere byvoorbeeld, apart gekoop moet word. Baie min advertensies gee ooit 'n aanduiding van die werklike koste (volgens 'n ondersoek in 1971, net 10 uit elke 132).

Sekere advertensietegnieke is reeds in die V.S.A. verbied hoewel dit steeds moontlik is om teen die gees van die wet te sondig.

Die geluid van 'n regte renmotor mag nie gebruik word as agtergrond vir die advertensie van 'n speelgoedmotortjie nie. Daar moet 'n skaalmaatstaf wees om die grootte van die geadverteerde produk aan te dui, maar daar is geen perspektiefreëls nie—die pop wat vasgehou word deur 'n meisietjie met haar hand na die kamera uitgestrek, lyk natuurlik groter as wat dit in werklikheid is.

'n Groep wat hulle vir minder en eerliker advertensies vir kindertelevisie beywer, die ATC (Action for Children's Television), het reeds die FTC (Federale Handelskommissie) oorreed om die tyd wat in kinderprogramme aan advertensies bestee word, te verminder van 16 minute tot 9½ per uur.

Voorts mag die aanbieders van programme nie meer produkte adverteer nie, 'n praktyk wat natuurlik heelwat geloofwaardigheid aan die advertensies gegee het.

Die Federale Handelskommissie het selfs so ver gegaan om nie meer net die vervaardiger van die produk vir 'n misleidende advertensie verantwoordelik te hou nie, maar ook diegene wat dit propageer.

Ondersoek in 1972 het getoon dat kinders, namate hulle ouer word, minder versoeke rig om produkte wat op televisie gesien is. Hulle word meer skepties oor die advertensies. Twee rolprente, ,,The Six Billion Sell'' en ,,Seeing Through Commercials'', is in twee eksperimente gebruik om vas te stel of kinders meer skepties gemaak kan word oor TV-advertensies deur die tegnieke wat gebruik word, aan hulle bekend te stel.

Uit die resultate blyk dat dit wel moontlik is om kinders te leer om meer krities na televisie-advertensies te kyk. Die jonger kinders, wat ook die minste skepties was oor TV-advertensies, is die meeste deur die rolprente beïnvloed. By die ouer kinders was daar natuurlik 'n plafon-effek omdat hulle reeds vooraf redelik skepties teenoor advertensies gestaan het.

Interessant is dat kinders wat die meeste televisie gekyk het en vatbaarder was vir advertensies, ná die films juis meer skepties was as dié wat vooraf minder televisie gekyk het.

In Suid-Afrika heers 'n soortgelyke situasie as in Amerika hoewel in mindere mate omdat die televisie-ure hier korter is, volgens 'n ondersoek verlede jaar. 'n Kind wat hier elke aand net na die kinderprogramme kyk, sien in die loop van 'n jaar 2 000 advertensies, waarvan 1 000 spesiaal op kinders gerig is.

Van hierdie advertensies is meer as 50% vir sogenaamde gemorskos, en 15% vir speelgoed. Daarteenoor handel slegs sowat 20% oor voedsamer kossoorte en minder as 10% oor boeke, veiligheid, gesondheid en ander sake van ,,opvoedende waarde''.

'n Geslag van verbruikers word geskep. Aan die een kant probeer ons mense— ook jong kinders—aanmoedig om ons natuurlike hulpbronne te help bewaar en spaarsaam te leer gebruik, en aan die ander kant word hulle gedurig aangemoedig om te verbruik.

Kontrole oor advertensies sal alleenlik 'n gedeeltelike oplossing bied. 'n Totale verbod op advertensies is hoogs onwaarskynlik. Die twee moontlikhede wat die vrugbaarste lyk, is die soort teen-advertensies wat die Amerikaanse Handelskommissie oorweeg, en die moontlikheid om selfs jong kinders te leer om advertensies beter te beoordeel. Hulle moet meer skepties gemaak word oor advertensies. Hulle moet daarteen ,,ingeënt'' word.

OUBAAS SCHU VEREER

'n Boek getiteld Die Investeringsbesluit, is vroeër vanjaar op 'n onthaal in Die Bergkelder op Stellenbosch oorhandig aan die man aan wie dit opgedra is, prof. C. G. W. Schumann, voormalige hoogleraar in bedryfsekonomie aan die U.S. oor 'n tydperk van 30 jaar. Die Investeringsbesluit is 'n versameling studies deur verskillende skrywers onder redaksie van prof. Isak Lambrechts van die departement bedryfsekonomie, dr. Hennie Reynders, voormalige hoogleraar in bedryfsekonomie aan die U.P. en tans uitvoerende direkteur van die S.A. Gefedereerde Kamer van Nywerhede, en prof. A. E. Scheurkogel van die departement bedryfsekonomie. Die boek is opgedra aan prof. Schumann „uit erkentlikheid vir sy voortreflike en onmisbare bydrae tot die ontplooiing van sy volksgenote in die S.A. bedryfslewe". Op dié foto verskyn v.l.n.r. proff. Lambrechts, Schumann, Scheurkogel en dr. Reynders.

NABUS gestig

En hier is die eerste foto van NABUS se bestuur. Voor v.l.n.r. Riaan Kruger (sekretaris), Petré Prins (voorsitter) en Andries Liebenberg. Agter staan in die gewone volgorde Armenius Archer, Wim Gevers en Hans Graafland. John Hendrikse, wat as tesourier aangewys is, was afwesig toe die foto geneem is.

STUDENTE aan die Nagraadse Bestuurskool (N.B.S.) van die Universiteit het vanjaar 'n vereniging vir oud-studente gestig. Bykans 500 studente het reeds 'n graad of diploma aan die N.B.S. verwerf en talle sakeleiers uit blank, swart en bruin gemeenskappe het opleidingskursusse daar meegemaak.

In die Stellenbosse M.B.A.-program speel groepleiding 'n vername rol en studente ontwikkel 'n hegte vriendskapsband tydens hulle verbintenis met die Bestuurskool — 'n kameraderie gebou uit swaarkry en sweet wat baie jare na hulle opleiding steeds bestaan. Die behoefte aan 'n vereniging waardeur oud-M.B.A.'s kontak kan behou, nuwe kollegas ontmoet en die beeld van hulle Alma Mater bevorder, het aanleiding gegee tot die stigting van NABUS — die Oud-Studentevereniging van die Nagraadse Bestuurskool van die U.S.

Dié vereniging beoog om jaarliks minstens een formele funksie en 'n aantal informele etes te reël waar sakeleiers kort lesings oor aktuele onderwerpe sal lewer. 'n Jaarblad word beplan waarin oor die bedrywighede van die N.B.S. en sy oud-studente berig sal word. Vir oud-studente in Transvaal, Natal en die Vrystaat word „sub-klubs" beplan wat aktiwiteite op streekgrondslag sal organiseer.

Diegene wat 'n graad of diploma in besigheidsbestuur en -administrasie aan die U.S. verwerf het, en graag by die vereniging wil aansluit, moet skryf aan: NABUS, Posbus 1058, Oakdale. 7534. Die tel. no. is Kaapstad (skakelkode 021) 97-5761.

AKADEMIE VERGADER BY U.S.

TALLE Oud-Maties was onder diegene wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer is op die bekroningsbyeenkoms van die Akademie wat op 21 Junie vanjaar in die H. B. Thom-teater op Stellenbosch gehou is.

Oud-Matie Etienne le Roux se roman, Magersfontein O Magersfontein, is met die Akademie se gesogte Hertzogprys vir Prosa bekroon. Hy het in 1944 die graad B.A., LL.B. op Stellenbosch verwerf.

Die Akademie se jaarvergadering het van 19 tot 21 Junie op Stellenbosch plaasgevind.

In die nuwe Raad van die Akademie is Stellenbosch ook goed verteenwoordig. Benewens die Rektor, prof. Mike de Vries, wat in sy afwesigheid verkies is, is Prof. Charles Fensham as ondervoorsitter gekies, en prof. Merwe Scholtz, hoogleraar in Afrikaans en Nederlands aan die U.S., is aangewys as ondervoorsitter van die Fakulteitsraad vir Kuns en Geesteswetenskap. Prof. Gawie Cillié, afgetrede hoogleraar in wiskunde aan die U.S., en prof. Hennie Rossouw, tans hoogleraar in filosofie op Stellenbosch, is ook in die Akademieraad verkies. Onnodig om te meld dat hulle ook student aan die U.S. was.

Benewens die skrywer, Etienne le Roux, is pryse ook aan verskeie ander Oud-Maties oorhandig: Die Markus Viljoen-medalje vir Joernalistieke Prestasie aan prof. Piet Cillié, voormalige redakteur van Die Burger en hoogleraar in Joernalistiek aan die U.S., die Gustav Prellerprys vir Literatuurwetenskap aan prof. Merwe Scholtz, die Havengaprys vir Geneeskunde aan prof. B. J. Meyer, die Havengaprys vir Fisika aan prof. Pierre Haarhoff, die S.A.S. & H.-prys aan prof. Haarhoff en dr. J. F. Kemp, die Stalsprys vir Teologie aan prof. Tobie Hanekom, en Besondere Erepennings vir Kultuurbewaring en Geskiedenisbevordering onderskeidelik aan prof. Frans Smuts en prof. J. J. Oberholster. Dr. Willie Serfontein van Stellenbosch het 'n besondere erepenning ontvang vir sy leiding in verband met die nuwe Psalm- en Gesangboek.

Die nuwe Raad van die Akademie vir Wetenskap en Kuns wat op 20 Junie op Stellenbosch aangewys is. Voor v.l.n.r. prof. Merwe Scholtz (Stellenbosch), ondervoorsitter van die Fakulteitsraad vir Kuns en Geesteswetenskap, prof. Charles Fensham (Stellenbosch), voorsitter van die Fakulteitsraad en nuwe ondervoorsitter van die Akademie, prof. Henning Snyman, voorsitter van die Akademieraad in die plek van prof. A. P. Grové, Prof. W. L. Grant, ondervoorsitter van die Fakulteitsraad vir Natuurwetenskap en Tegniek, en Prof. Gawie Cillié (gewese hoogleraar aan die U.S.). Agter v.l.n.r. dr. Danie Joubert (hy het in 1976 'n doktorsgraad aan die U.S. verwerf), prof. Johan Heyns (gewese dosent aan die Kweekskool op Stellenbosch), dr. D. J. C. Geldenhuys, hoofsekretaris ('n oud-Wilgenhoffer), prof. Carl van Heerden (Bloemfontein), en prof. Hennie Rossouw, hoogleraar in filosofie op Stellenbosch en oud-student.

Prof. Piet Cillié, hoogleraar in joernalistiek op Stellenbosch, wat deur die Akademie met die Markus Viljoenprys vir Joernalistieke Prestasie vereer is. Dié foto is geneem toe die prys aan hom oorhandig is deur die voorsitter dr. A. P. Grové.

Oud-Matie Etienne le Roux se roman, Magersfontein O Magersfontein is vanjaar deur die Akademie met die Hertzogprys vir Prosa bekroon. Hier is hy aan die woord pas nadat hy dit in die H. B. Thom-teater, waar die bekroningsplegtigheid gehou is, in ontvangs geneem het.

Mev. Babs Beyleveld van Stellenbosch, wat die Minnie Markötter-beurs aan die U.S. ingestel het om die nagedagtenis van haar moeder te eer. Dié beurs sal vanjaar die derde keer toegeken word—dit is in 1977 ingestel.

DIE VROU AGTER DIE LEGENDE

DIE gesegde wil dit hê dat daar agter elke suksesvolle man 'n vrou is en dít was mev. Minnie Markötter ook. Mens moet miskien in haar geval die gesegde net ietwat wysig en sê: die vrou agter die legende . . .

Want 'n legende is Oubaas Mark wel, hy was dit reeds in sy eie leeftyd. Baie is al oor A. F. Markötter, later Mr Mark of mnr. Mark en uiteindelik Oubaas Mark, geskryf en gesê.

Maar wat van die vrou agter die moeilike, maar geliefde Oubaas Mark? Wilhelmina Lombard, gebore 25 mei 1881, oorlede in Junie 1942. Alom bekend as Mrs Mark.

Mev. Babs Beyleveld van Stellenbosch, dogter van Oubaas en Mrs Mark, het verseker dat ook die naam van haar moeder sal voortleef. Sy het naamlik 'n bedrag aan die U.S. geskenk vir 'n studiebeurs—die Minnie Markötter-beurs. Dit word jaarliks toegeken aan 'n damestudent wat akademies en op die gebied van sport presteer.

Maar hoe onthou mev. Beyleveld haar moeder ? ,,Sy was 'n stil, ingetoë, minsame en baie verfynde dame. 'n Goeie, liefdevolle vrou en moeder, maar tog baie streng in haar vormende opvoeding van ons drie kinders. Sy het my vader getrou bygestaan en as sy nie so geduldig en verdraagsaam was en in sy wêreld ingeleef het nie, sou hy nooit soveel aandag en tyd aan sy geliefde spel, rugby, kon gewy het nie —sy was die stille steunpilaar en stukrag in die agtergrond.''

Mev. Beyleveld sê solank sy kan onthou was daar twee keer per week rugbyvergaderings by hulle aan huis gehou, Maandagaande bestuurs- en Donderdagaande was dit spankiesvergaderings.

,,En Saterdae wanneer die eerstepan weggespeel het, het Dads gereeld op die stasie die 9 nm. trein ingewag en die ou Ford, Sir Henry, vol gelaai met spelers om 'n ,post mortem' te hou. Mams was dan altyd reg met tee en versnapperinge vir almal. Sondagaande was die woonkamer weer volgepak met studente.''

Mev. Beyleveld sê dat haar moeder nog meer gulhartig onthaal het met tennispartye op 'n Vrydagmiddag en met danse wat hulle aan huis gehou het.

,,En dan was daar die samekoms elke jaar van al vier rugbyspanne by ons aan huis na Intervarsity en ook by geleentheid van Dads se verjaardag. Een speler, Dick Potgieter, het destyds aan my gesê dat die ,hoi polloi' hulle boeglam gespeel het net om die vierde span te haal om dus die voorreg te kon kry om na die huis genooi te word!''

En hoe onthou ander oud-studente haar? Dr. Faantjie Pretorius, oud-registrateur van die U.S.: ,,Mev. Markötter—na my beste wete—het nooit in die openbaar tot haar volle reg gekom nie, hoofsaaklik (sou ek sê) omdat sy haarself nie op die voorgrond gestel het nie en veel meer behae daarin geskep het om as eggenote, moeder en gasvrou 'n dienende Martha te wees. En op watter verfynde, innemende en gulhartige wyse het sy dit nie gedoen nie! Dit sal lede van die bestuur van die Rugbyklub, en baie oudrugbyspelers veral van die jare 1910—1930, stellig heelhartig kan onderskryf.

,,Dit was egter nie net rugbyspelers wat met mev. Markötter se gasvryheid en heerlike versnapperinge kennis gemaak het nie, maar ook dié wat op die Markötters se tennisbaan kom speel het. Vra maar vir my vrou Lettie hoe goed sy nog Mrs Mark se lekker warm ,scones' onthou!

'n Groep dames uit haar eie vriendekring het elke Maandagmiddag op die baan by hulle huis gespeel.

,,Die instelling van die Minnie Markötter-beurs is 'n besonder gepaste en lofwaardige eerbetoon nie net aan 'n geliefde moeder nie, maar ook in veel wyer kring aan 'n ,gracious woman'.''

DR. Phil Weber, lid van die Raad van die U.S. en gewese hoofredakteur van die Burger: ,,Dit was vir 'n Matierugbyspeler in sy studentedae 'n groot onderskeiding om 'n skop van agter van Mr Mark te ontvang. Soms het Mr Mark ook 'n agterspeler wat in 'n oefening gesondig het, nader geroep, hom sy kop in die skrum laat steek en dan 'n skop teen sy sitvlak gelanseer. 'n Groot onderskeiding, sê ek, want dit was bekend Mr Mark het slegs manne van belofte en met talent só getugtig!



Dr. Faantjie Pretorius, oud-registrateur van die U.S., en sy vrou Lettie—hulle het baie by die Markötter-woning in Murraystraat gekom. Oom Faantjie onthou haar as 'n dienende Martha en 'n ,,gracious woman''.

,,Sulke manne het hulle dan ook as vereerdes beskou, maar 'n vereerde deur die Markötters was ook hulle wat in die Markötter-huis gekom het om dié besondere gesin van naderby te leer ken. Jy kon op twee maniere daar kom—as lid van 'n rugbykomitee wat sy werk onder die skerp oog van die groot man gedoen het, of as vriend van Babs of Christo (Hansie was in my tyd nog maar klein), maar dan moes jy by hulle kon kers vashou op dié sportgebiede waarop hulle uitgeblink het. Sulke besoeke was besonders, maar dan ook veral vanweë die kennismaking met mev. Markötter wat stil en rustig en heel onopvallend in die huis oor die huishouding geregeer het. Die Markötters was 'n woelige klompie en elkeen 'n persoonlikheid in eie reg, en mev. Markötter het hulle liefdevol versorg en hul vriende rojaal getrakteer op dié lekker dinge waarvan 'n Matie, ver van sy huis, nie uitermate baie op Stellenbosch kry nie. Dit was 'n groot voorreg om in haar vriendelike gasvryheid te deel, só groot, hoewel van gans ander aard, as 'n skop van Oubaas Mark self."

Mnr. J. J. de Kock, oud-sekretaris van die Rugbyraad: ,,Ons het baie aangename aande aan mnr. Markötter se huis deurgebring tydens bestuursvergaderings en met die kies van spanne. Ons het soms kopgekrap om die regte spelers te kies—en dan het mev. Markötter altyd die troebelwaters reggemaak met 'n lekker koppie tee, koek en 'n paar vriendelike woorde.

,,Sy was 'n wonderlike mens. Waar ek nooit Mr Mark se sêgoed en sy optrede langs 'n rugbyveld sal vergeet nie, só sal ek nooit mev. Markötter se vriendelikheid vergeet nie."

Mnr. P. K. Morkel, voorsitter van die Stellenbossche Distriksbank en 'n oud-Springbokrugbyspeler: ,,In die twintigerjare en waarskynlik reeds lank voor die vasgestelde tyd, was Oubaas Mark se rookkamer in sy huis die hoofkwartier van rugby op Stellenbosch. Dáár is die bestuursvergaderings gehou en spanne gekies, taktiek bespreek, nabetragting gehou, spelers wat verbrou het, geroskam, en dáár is gesellig verkeer. Die geduldige mev. Mark het baie koppies tee geskink en moes maar verlief neem met die leë koppies en asbakkies. As sy nie só 'n belangstelling vir die spel en spelers gehad het nie, kon sy seker nooit so verdraagsaam gebly het nie.

,,By een geleentheid, toe ons op vertrek gestaan het om in Transvaal te gaan toer, het mev. Mark na my gekom en gevra dat ek tog by elke plek waarvandaan ons vertrek haar man se slaapkamer moes deurkyk om te sien of hy nie iets vergeet het nie; hy kon tog soms só vergeetagtig wees.

Mev. Markötter was 'n merkwaardige vrou wat baie mensekennis aan die dag gelê het, sy was die stukrag vir haar man en gesin. Daarby was sy ook die vriend van ons jongmanne wat die gasvryheid van die mense van dié huis in Murraystraat geken het."

En só—onder die opskrif THE LATE MRS A. F. MARKÖTTER—A Charming Hostess—het 'n Engelstalige Kaapse dagblad oor haar geskryf met haar afsterwe in 1942: *Old Matie sportsmen throughout South Africa will hear with sincere sorrow of the passing of Mrs A. F. Markötter.*

For many years Mrs Markötter's home was freely open and she herself a charming hostess whether to a few players, often with their women friends, or to crowds of players far beyond the seating capacity of her home and happily squatting in every available corner on her floors and stairs.

Few visiting teams of footballers or other sportsmen were not honoured by being her guests; one of the last so honoured being teams of boxers from all the Universities of South Africa who took possession of her home after the cinema one pouring wet evening and stayed till well after midnight.

Ill-health has, in recent years, forbidden this lavish hospitality but old Stellenbosch men will look back with happy memories to her gracious kindness, and will feel that Stellenbosch will never be quite the same old home from home now that Mrs Markötter is no longer there.

Dr. Phil Weber, gewese hoofredakteur van Die Burger, sê dit was selfs 'n groter voorreg om in Mrs Mark se gasvryheid te deel as om 'n skop teen die sitvlak van Oubaas Mark op die rugbyveld te kry!

Mnr. P. K. Morkel, oud-Springbokrugbyspeler, onthou Mrs Mark as 'n merkwaardige vrou met baie mensekennis ... ,,die stukrag vir haar man en gesin."

TOE hulle verlede jaar die bekende Oud-Matie oom Möller Brink in die ouderdom van 74 jaar in die Strandse begrafplaas ter ruste gelê het, het baie van sy Oud-Matiekollegas en ander vriende wat hom die laaste eerbetoon kom bewys het, gewonder oor die grys tengerige vroutjie wat een van die eerstes was om 'n blommetjie op die kis te plaas waar sy soos 'n moeder oor haar eie kind by die graf staan en ween.

Seker maar 'n bediende, het hulle gedink, maar waarom word sy—die enigste bruinmens daar teenwoordig—dwarsdeur die teraardebestelling deur die broer en suster van die oorledene vertroostend en liefderyk tussen hulle vasgehou, en ook spesiaal gesoentroos deur baie van die familie se intieme vriende ?

Hulle het nie geweet dat Rose, soos almal haar ken, vir dié kringetjie naasbestaandes en vriende een van die mees besondere vroue ter wêreld is—in alle waarskynlikheid die houer van 'n wêreldrekord, vir mans én vroue, wat moeilik geëwenaar sal word.

Bediende, ja, maar een sonder weerga. Want 'n bediende wat reeds meer as 80 jaar vir dieselfde gesin werk, kry jy nie aldag en oral nie!

Die Universiteit van Stellenbosch is trots op die bouers van die Alma Mater. Met eerbied dink ons terug aan die ywer van manne soos dr. D. F. Malan, prof. A. M. Moorrees en mnr. J. G. van der Horst, wat gelei het tot die stigting van die Universiteit van Stellenbosch op 2 April 1918.

Maar reeds 20 jaar vóór die stigting van die Universiteit—ja, nog vóór die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in die vorige eeu—was Rose, sonder dat sy dit weet, besig om te bou aan die toekomstige Universiteit waar sy op die plaas Lakenvlei in die distrik Ceres kindertjies begin oppas het wat later onder die eerste studente van die nuwe Universiteit sou tel, en as Oud-Maties bestem was om leidende rolle op die gebied van kerk, opvoedkunde en kultuur in Suid-Afrika te speel. Oom Möller Brink was een van hulle.

Die 84-jarige Maria Paulse—dit is haar regte naam—is op 9 April 1895 op Lakenvlei, destyds die plaas van wyle mnr. Anders Ohlsson wat die bekende Ohlsson's Breweries gestig het, gebore. In 1898, sowat ses maande vóór die uitbreek van die oorlog, is sy op driejarige leeftyd in die sorg geplaas van oom Arend en tant Bettie Brink, wat op die plaas geboer het. Haar eerste takies was om goedjies van die vloer op te tel en verder mooi soet te wees, maar later moes sy die eerste Brink-babatjie in die "prêmpie" wieg wanneer sy huil. Dié babatjie, 'n dogtertjie, lewe vandag nog. Sy is mev. Lettie Kok van Birchleigh aan die Oos-Rand. Sy was maar drie maande oud toe Rose haar begin oppas.

Die volgende baba wat Rose moes versorg was die Brink-egpaar se eerste seun Bertie, gevolg deur Möller, André en die dogters Bella en Hanna.

Rose, wat vandag nog 'n klokhelder verstand en geheue besit en blakende gesondheid geniet, onthou daardie jare asof dit gister was. "Ek was die drie oudste kinders se dorpsma," vertel sy trots. "Toe hulle skool toe moes gaan, het baas Arend-hulle 'n huis op die dorp gekoop waar die kinders in die week onder my toesig geplaas is. Naweke het ons weer op Lakenvlei deurgebring. Dit was goeie jare daardie. My kindertjies was die soetste wat jy kon kry!

"Ek het al drie die seuns sien universiteit toe gaan, na Stellenbosch toe. Ek was baie trots op hulle, maar op die drie meisiekinders ook. Meneer moet weet, dis ons land se beste mense. Jy skryf nie iets verkeerds van hulle nie, gehoor!"

Rede om trots te wees op "haar kinders" het sy wel gehad—sy het dan vir hulle help grootmaak, sê sy. Bertie—hy is reeds oorlede—het hom op Stellenbosch as predikant bekwaam, en het as die latere ds. C. B. Brink, Moderator van die N.G.-Kerk in Transvaal, diep spore in ons kerklewe getrap.

Möller word deur duisende van sy oud-leerlinge onthou as die slim meneer wat hulle Engels en Latyn gegee het en ook so goed was in musiek—hy het nie verniet talle kore gestig en afgerig nie. Hy was vir baie jare onderwyser op Clanwilliam, by "Boy's High" in die Paarl en by die Hoërskool Hottentots-Holland op Somerset-Wes, waar

Sy het reeds vóór die Tweede Vryheidsoorlog in die vorige eeu by die Brink-gesin begin werk, en is nog steeds tussen haar eie mense! 'n Trotse Rose Paulse, in wit geklee, sit hier tussen drie geslagte wat sy help grootmaak het. Lanks haar sit mev. Bella Malan, die tweede Brink-dogter wat Rose as 'n babatjie opgepas het, en agter staan Betsie, mev. Malan se oudste dogter met haar eggenoot, die Oud-Tukkie Willie Engelbrecht. Die Engelbrecht-kinders is Werner (links), Renate (voor) en Helmut.

ROSE MAAK MATIES GROOT

deur Ronnie Belcher

hy departementshoof was. Ná sy aftrede met pensioen het hy nog steeds skoolgehou, en is as onderwyser aan die Hoërskool Bellville in die tuig oorlede.

Daar is seker baie min mense in Suid-Afrika wat nie vir André ken nie—die gewilde André Brink van Springbokradio wat met sy bekoorlike stem en die mooi musiek wat hy speel, een van ons land se liefling-omroepers is. Sy boek, *Oupa en Ouma se Boererate,* wat 'n versameling is uit een van sy destydse radiorubrieke, word vandag in duisende Afrikaanse huise aangetref.

MAAR die storie oor Rose en haar Oud-Matieverbintenisse eindig nie daar nie. Want ook die kinders se kinders het sy help grootmaak, en ook baie van húlle het op Stellenbosch gestudeer. Daar is Aletta, ds. Bertie se dogter wat ook hier gestudeer het en op haar beurt met 'n Oud-Matie, ds. Eugène Olivier getroud is. Dan is daar ook nog die drie Oud-Matiekinders van Bella—Betsie, wat getroud is met Oud-Tukkie Willie Engelbrecht, Louise, getroud met 'n boer, Francois de Villiers, en Pierre, die jongste, wat in Pretoria woon.

Dié drie se kinders—elf van hulle—is ook reeds besig om groot te word, en nie altyd sonder die deskundige bystand van Rose nie!

Sy vertel ook van twee ander Oud-Maties wat as studente dikwels op Ceres kom kuier het en later ook deel van die familie geword het, en as sodanig ook by tye deur haar versorg sou word: mej. Ansie du Preez, wat later mev. ds. Brink sou word, en Dan Malan, wat met Bella getroud is. Dan was vir baie jare skoolhoof op Queenstown, en is 22 jaar gelede oorlede.

"Toe die drie jongste Brink-dogters ook in die laer skool op Ceres kom, het ons dorp toe getrek," vertel Rose voorts. "Jare daarna, toe al die kinders reeds uit die huis uit is, het ons by baas Möller in die Paarl gaan bly, waar ons later vir baas Arend aan die dood moes afgee. Die drie van ons wat oorgebly het, het toe Strand toe getrek, waar mies Bettie ses jaar gelede oorlede is, en baas Möller verlede jaar.

"Baas Möller het nooit getrou nie, en was maar altyd by ons in die huis. Ek het hom van sy geboorte tot sy dood opgepas en versorg."

" 'Oppas en versorg' beteken ook ráás!" vertel mev. Malan, by wie Rose nou werk. "Ek onthou hoe sy vir Möller hier kort vóór sy dood kwaai aangespreek het oor iets wat hy kwansuis verkeerds sou gedoen het. 'Ons is nie so grootgemaak nie' het sy hom berispe!"

Toe mev. Malan ná haar man se dood op Stellenbosch kom woon het sodat haar kinders universiteit toe kon gaan, het tant Bettie dikwels vir Rose aan haar "geleen" om met die huishouding te help. Rose moes ook kamer aankant maak en koffie aandra vir ander studente wat by hulle loseer het. Sy onthou hulle baie goed—bekende Oud-Maties soos James Starke, prof. Michael Truu, die skrywer Abraham de Vries en baie ander.

Toe ek haar vir oulaas vra waarom die mense 80 jaar gelede haar begin "Rose" noem het, het sy skertsend geantwoord: "Seker omdat ek so mooi is!" 'n Grappie, ja, maar 'n mooier mensie is daar nie te bedink nie. Mag sy die vreugde geniet om 'n derde geslag—haar "agterkleinkinders"—te sien Universiteit toe, Stellenbosch toe, gaan.

Vier bekende Oud-Maties wat Rose help grootmaak het, is André Brink (links bo), Möller Brink (regs bo), ds. Bertie Brink (links onder) en Dan Malan (regs onder).

VAN ONS DONATEURS

Aantreklike Santie Basson is een van vele studente wat gereeld van die trimbaan gebruik maak om fiks en viets te bly.

Bo: Mnr. Willem Pretorius (middel), senior hoofbestuurder van Sanlam, verskyn hier saam met die Rektor, prof. Mike de Vries en prof. Frikkie Thiart (regs), hoof van die departement liggaamlike opvoedkunde, wat die trimbaan in oorleg met Sanlam ontwerp het. Die foto is met die amptelike oorhandiging van die trimbaan in die D.F. Malan-gedenksentrum geneem.

Sanlam het vanjaar 'n trimbaan, of gesondheidsroete, aan die Universiteit geskenk. Dit is amptelik aan die Rektor van die Universiteit oorhandig op 'n geselligheid in die D.F. Malan-gedenksentrum deur mnr. Willem Pretorius, senior hoofbestuurder van Sanlam.

Stellenbosch is die eerste universiteit in die land wat 'n trimbaan ontvang het. Dit bestaan uit draf- of wandelpaaie met verskeie houtapparate waarop oefeninge gedoen kan word. Die U.S. se trimbaan is agter die nuwe Danie Craven-stadion teen die bult geleë. Die huidige roete is sowat 700 m.

Die trimbaan is in oorleg met Sanlam deur prof. F. Thiart, hoof van die departement liggaamlike opvoedkunde aan die U.S., ontwerp. Hierdie soort oefenbane is in verskeie oorsese lande baie gewild. Wanneer dit in parke of natuurskone omgewings geleë is, bied dit aangename ontspanning aan oud en jonk. Een rondte van die baan sluit tien oefensessies in, elk met die nodige aanwysings. Die apparate is ontwerp om duursaam en eenvoudig te wees.

Die besturende direkteur van die Bank van die Oranje-Vrystaat mnr. Eugene van Rensburg (links), oorhandig hier die eerste R500 van 'n skenking van R1 500 — oor 'n tydperk van drie jaar — aan die Eeufeestrustfonds van die Universiteit en die man wat dit in ontvangs neem, is die U.S. se direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard. Regs is die Bank van die O.V.S. se ontwikkelingsbestuurder vir Wes-Kaapland, mnr. Gert Cilliers. Mnr. Van Rensburg het die oorhandiging in mnr. Lombard se kantoor gedoen.

Die hoofbestuurder van die Stellenbossche Distriksbank, mnr. Charl du Plessis (links), het hier pas 'n tjek van R1 000 aan die Universiteit se direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard, oorhandig. Dit is die vierde paaiement van 'n skenking van R5 000 deur die Stellenbossche Distriksbank aan die Eeufeestrustfonds van die Universiteit. Regs staan die Distriksbank se assistent-bestuurder, mnr. Piet van der Merwe.

'n Dankbare direkteur van ontwikkeling van die U.S., mnr. Piet Lombard (regs), ontvang 'n tjek van R1 500 van die hoofbestuurder van die Royal Melkery, mnr. Maarten Henning. Dié skenking, wat in die Universiteit se Eeufeestrustfonds gestort word, is in Februarie aan mnr. Lombard oorhandig.

Volkskas se streekhoofbestuurder in Kaapstad, mnr. Willem van Zyl (links), oorhandig sy bank se skenking van R2 000 aan die Universiteit se direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard. Die skenking is vir die Eeufeestrustfonds. Die tjekoorhandiging het in mnr. Lombard se kantoor plaasgevind.

VAN ONS DONATEURS



Bo: Die verwesenliking van 'n groot ideaal vir inwoners van die manskoshuis Helderberg — en sonder die hoogsgewaardeerde hulp van Standard Bank sou dit glad nie moontlik gewees het nie. Dié foto is op 31 Maart geneem met die amptelike opening van die twee muurbalbane wat by Helderberg gebou is en waarvoor Standard Bank R10 000 geskenk het. Die opening is waargeneem deur mnr. John Holloway (derde van links), hoofbestuurder (groepsbemarkingsafdeling) van Standard Bank. Die ander op die foto is v.l.n.r. mnr. Roelof McLachlan, primarius van Helderberg, mnr. Deon van Wyk, wat in daardie stadium inwonende hoof was (hy het intussen na die R.A.U. vertrek), mnr. Piet Lombard, die U.S. se direkteur van ontwikkeling, en mnr. Jack Esterhuizen, streekhoofbestuurder (Kaap) van Standard Bank. Kort hierna het mnre. Holloway en Esterhuizen die geleentheid gehad om te sien hoe die Maties die Tukkies 'n rugbyles op die Danie Craven-stadion gee!

Links: Appletiser Pure Fruit Juices (Pty) Ltd het onlangs 'n bedrag van R10 000 aan die Universiteit se departement chemie gegee. Op die foto ontvang prof. Mike de Vries — in daardie stadium was hy nog viserektor — dié groot skenking van dr. Enrico Costa, tegniese direkteur van Appletiser. Prof Johannes Cruywagen (links), van die departement chemie, het die tjekoorhandiging in prof. De Vries se kantoor bygewoon.

Oud-Maties in N.-Tvl. besoek

Mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van ontwikkeling, en mnr. Willem Dreyer, senior ontwikkelingsbeampte van die U.S. in Johannesburg, het van 25 tot 29 Junie besoek gebring aan Oud-Matieskakelkomitees op Potgietersrus, Pietersburg, Louis Trichardt, Tzaneen en Phalaborwa.

Die skakelkomitees op elk van bovermelde dorpe is uitgebrei met die oog op nouer skakeling met die Alma Mater en fondsinsameling.

Op Phalaborwa het die Oud-Maties in 'n plaaslike klub vir 'n dinee aangesit en daar is behoorlik reünie gehou. Op Potgietersrus het almal na een van die hotelle op die dorp gegaan waar hulle heerlik geëet en saam gekuier het.

Mnr. Esterhuyse kon op dié wyse inligting oor Stellenbosch eerstehands aan die Oud-Maties van Verre Noord-Transvaal meedeel. ,,Die besoek was besonder geslaagd en dit was baie aangenaam om weer met dié oud-studente te gesels. Hulle harte klop nog reg vir Stellenbosch,'' het die adjunk-direkteur aan Matieland gesê. By al dié plekke het die Oud-Maties hulle hoë waardering aan mnre. Esterhuyse en Dreyer uitgespreek vir hulle besoek.

Bo: 'n Groepie van die Oud-Maties wat Maandagaand 25 Junie in 'n plaaslike hotel op Potgietersrus bymekaar gekom en lekker saam geëet het. V.l.n.r. is mnr. Willem Dreyer, senior ontwikkelingsbeampte van die U.S., mnr. Andries Minnaar, mnr. Alphons Dames, mev. Minnaar, mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van ontwikkeling op Stellenbosch, mev. en mnr. Chris Botha, mnr. Ernie Naudé en mev. en mnr. Breytie Breytenbach. (Foto: Die Noord-Transvaler)

Op Phalaborwa het die Oud-Maties tydens mnre. Esterhuyse en Dreyer se besoek in 'n klub op die dorp gesellig saam verkeer en daar is gate in die nag gesels. Soveel so dat die foto wat van die hele groep geneem is, nie 'n sukses was nie ... 'n onbevestigde berig lui dat die fotograaf die eerste keer uitgevind het hoe dit is om saam met Oud-Maties te kuier! Hoe dit ook sy, hier is wel 'n foto wat dié aand geneem is. V.l.n.r. is mnr. Willem Dreyer, dr. Tokkie Scholtz, voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee in daardie geweste, mnr. Esterhuyse, en mev. Rosa Scholtz.

Nog 'n foto wat geneem is op die saamtrek van Oud-Maties op Phalaborwa op Vrydagaand 29 Junie. Hier sit v.l.n.r. mnr. en mev. H. Roos, mnr. en mev. M. Kitshoff en mev. P. A. van der Westhuizen.

'N STELLENBOSCH MBA. DIT SAL MOONTLIK DIE WINSGEWENDSTE BELEGGING WEES WAT JY OOIT MAAK.

Dit vereis 'n hoë mate van vaardigheid om staande te bly in die gesofistikeerde en mededingende sakewêreld van vandag. Daarom moet jy voorbereid wees. Voorbereid sodat jy 'n dinamiese en professionele bestuurder kan word wie se opleiding en bestuursvernuf kan bydra tot die ontwikkeling van die moderne organisasie van vandag en jou eie toekoms. En dis presies wat die Stellenbosch MBA jou bied. 'n Intensiewe program wat ontwerp is om jou 'n deeglike begrip te gee van die jongste sakekonsepte op nasionale en internasionale gebied.

Maar dit beklemtoon die praktiese toepassing van hierdie konsepte in die Suid-Afrikaanse sakewêreld.

Om jou in staat te stel om hulle op praktiese wyse toe te pas op alledaagse Suid-Afrikaanse sakeprobleme.

Wat meer is, die Stellenbosch MBA is nie slegs 'n multi-nasionale kursus nie, maar die enigste tweetalige program van sy soort in die land. Dit is 'n deurslaggewende faktor in Suid-Afrika. Dit bied jou ook die geleentheid om vrylik gedagtes te wissel met die toplede van beide die Afrikaans- en Engelssprekende sakegemeenskappe.

Dinamiese Suid-Afrikaanse en buitelandse dosente, wat beskik oor uitgebreide praktiese ondervinding, asook praktiserende sakelui, sal help om jou analitiese bestuursvaardighede te ontwikkel en jou potensiaal te verwesenlik.

Die Stellenbosch MBA is ook die enigste program in Suid-Afrika wat 'n spesiale Entrepreneurskapkursus insluit vir die voornemende entrepreneur.

Hierbenewens is 'n groot voordeel van die Stellenbosch MBA dat jy die keuse het om die kursus voltyds in een jaar of deeltyds in twee jaar te voltooi, plus 'n tegniese verslag.

Die deeltydse program stel jou in staat om te werk en terselfdertyd te studeer deur aandlesings by te woon.

Toelating tot die kursus berus nie noodwendig op 'n universiteitsgraad nie. Dit kan ook gebaseer wees op matriek met 'n goeie werkrekord.

Die MBA-kursus vir 1980 begin op 21 Januarie en eindig op 11 Desember.

Neem die eerste stap om 'n belegging in jou toekoms te maak deur te skryf vir 'n gratis gedetailleerde brosjure van die Stellenbosch MBA-program vir 1980 aan:
Die Direkteur
Nagraadse Bestuurskool
Universiteit van Stellenbosch
Posbus 1058 OAKDALE 7534
Telefoon: Kaapstad 97-8315/97-5761.

Dit sal moontlik die winsgewendste belegging wees wat jy ooit maak.

NAGRAADSE BESTUURSKOOL UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

BELÊ IN JOU TOEKOMS MET 'N MBA VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH BESTUURSKOOL.

DM&M (Kaap) CA924

STELLENBOSCH

DRIE EEUE · THREE CENTURIES



STELLENBOSCH DRIE EEUE

Amptelike Gedenkboek
onder redaksie van prof. dr. Frans Smuts

Stellenbosch herdenk in 1979 sy 300-jarige bestaan.

By hierdie eenmalige geleentheid verskyn *Stellenbosch Drie Eeue* — 'n pragboek van 400 bladsye, spesiaal nagevors en saamgestel as blywende hulde aan die verlede van ons oudste dorp. Een van die belangrikste bydraes tot die feesvierings, is hierdie gedenkboek in opdrag van die Stellenbosse Stadsraad deur 'n span van 35 deskundiges geskryf om die geskiedenis van die dorp en distrik in al sy fasette te boekstaaf. Dit is ryklik geïllustreer en bevat historiese materiaal waarvan die meeste nog nooit voorheen gepubliseer is nie, onder meer Schumacher-akwarelle van 1776 in kleur, geskiedkundige kaarte en die eerste Stellenbosse grondbriewe wat terugdateer tot 1686.

Die boek vertel hoe hierdie mooi vallei geleidelik oor honderde miljoene jare gevorm is, van die plante- en dierelewe, van sy Steentydperk-bewoners en die vestiging van die eerste Europese koloniste. Dit beeld op boeiende wyse uit hoe hierdie rustige boeregemeenskappie tot 'n woelige universiteitstad gegroei het; hoe die mense van Stellenbosch in die loop van jare geleer het om hulleself en die uitgestrekte binneland vanuit die geregshuis op 'n eilandjie in die Eersterivier te bestuur; hoe die eerste permanente Christelike kerk in Suid-Afrika hier gebou is; hoe die inwoners van die begin af gesteld was op die opvoeding van hul kinders en hoe hulle in die kommando-stelsel wat hier ontstaan het, militêre weerbaarheid geleer het.

Boere van Adam Tas tot John X. Merriman, onderwysers van Sybrand Mancadan tot Paul Roos, dominees van Pierre Simond tot J. H. Neethling en tientalle ander kleurryke figure wat Stellenbosch help vorm het, beweeg in die bladsye van hierdie boek voor die geestesoog verby.

Ook word vertel hoe, nadat die dorp sy leierskap op administratiewe gebied na anderhalf-eeu moes afstaan, sy inwoners die inisiatief geneem het om dit te herwin, hierdie keer op opvoedkundige gebied.

Vir baie versinnebeeld die "Eikestad" vandag ook die bewaring van ons kultuurhistoriese erfenis, sowel as leierskap op sportgebied — aspekte wat eweneens uitvoerig behandel word in hierdie nuwe standaardwerk oor Stellenbosch.

Formaat: 295 mm x 216 mm; Linneband met stofomslag: R20 posvry, A.V.B. ingesluit. Verskyn afsonderlik in Afrikaans en Engels. Publikasiedatum: Oktober 1979.

STELLENBOSCH THREE CENTURIES

Official Commemorative Volume
edited by Prof. Dr. Frans Smuts

Stellenbosch celebrates its tercentenary in 1979.

Commemorating this historical occasion, *Stellenbosch Three Centuries* is a prestige volume of 400 pages, specially researched and compiled as a permanent tribute to our oldest village. It is certainly one of the major contributions to the tercentenary celebrations. Commissioned by the Town Council of Stellenbosch, a team of 35 experts have recorded the history of the town and district in all its facets. Richly illustrated, the book contains remarkable historical material, most of which has never been published before, such as Schumacher's aquarelles of 1776 in colour, old maps and the first Stellenbosch title deeds, dating back to 1686.

The book tells how this beautiful valley was shaped over hundreds of millions of years. It tells of its flora and fauna, its Stone Age inhabitants and its first European settlers. It gives an absorbing picture of how this peaceful farming community grew into a bustling university town; how the people of Stellenbosch learnt in the course of years to govern themselves and the far-flung hinterland from the seat of justice established on an island in the Eerste River; how the first permanent Christian church in South Africa was erected here; how, from the outset, the education of their children was a serious matter to the villagers and how they originated the commando system in order to defend themselves.

Farmers from Adam Tas to John X. Merriman, teachers from Sybrand Mancadan to Paul Roos, ministers from Pierre Simond to J. H. Neethling and numbers of other colourful personalities that helped to shape Stellenbosch, come to life in the pages of this book.

It also tells how, having had to relinquish the administrative lead after one and a half centuries, the citizens took the initiative and regained their leadership, this time in the field of education.

Today, the "Town of Oaks" is also synonymous with the preservation of our cultural heritage and with leadership in sport. Both these aspects are dealt with extensively in this new authoritative work on Stellenbosch.

Format: 295 mm x 216 mm; Clothbound with dust-jacket: R20 post-free, G.S.T. included. Separate editions in English and Afrikaans. Date of publication: October 1979.

BESTELVORM

Aan: Die Stadstesourier
Posbus 17, Stellenbosch, 7600

In drukletters asb. Tjek of poswissel betaalbaar aan: Stadstesourier, Stellenbosch.

Stuur asb.

☐ Afrikaanse eksemplaar/eksemplare @ R20

ORDER FORM

To: The Town Treasurer
P.O. Box 17, Stellenbosch, 7600

Please use block letters. Cheque or postal order payable to: Town Treasurer, Stellenbosch.

Please send

☐ English copy/copies @ R20

Naam..... Name

Adres..... Address

.....

.....

Printpak Kaap

SBW-Stigting skenk weer groot

DIE Stellenbosch Boerewynmakery-Stigting gaan vir nog drie jaar 'n bedrag van R150 000 aan die dosente-ontwikkelingsprogram van die Universiteit se Nagraadse Bestuurskool (N.B.S.) skenk.

Dié wonderlike nuus is deur mnr. Lothar Barth, besturende direkteur van Stellenbosch Boerewynmakery, bekend gemaak op 'n geselligheid wat gehou is tydens die amptelike opening van die dosente-ontwikkelingsprogram deur die Minister van Ekonomiese Sake, mnr. Chris Heunis, op Stellenbosch in April vanjaar.

Mnr. Barth het gesê R50 000 sal jaarliks vir dié program asook vir die uitbouing van die klein besigheidsbestuurprogram gegee word. Aan laasvermelde program het die Stellenbosch Boerewynmakery-Stigting die afgelope vyf jaar elke jaar R40 000 gegee. Die skenking van die SBW-Stigting om bestuursopleiding en -ontwikkeling op alle vlakke van die samelewing in Suid-Afrika te stimuleer, is derhalwe vir die komende drie jaar R10 000 per jaar meer as was dit jaarliks die afgelope vyf jaar was.

Die dosente-ontwikkelingsprogram is 'n tussenuniversitêre program en het tot dusver baie vlot verloop. ,, Ons het tot die hede nog net sukses geken en ons is baie dankbaar vir die hoogsgewaardeerde hulp wat van die Stellenbosch Boerewynmakery-Stigting ontvang word,'' het prof. Helgaard Muller, direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, aan *Matieland* gesê.

Sedert dié program in 1975 die eerste keer in Bellville aangebied is, het nagenoeg 600 dosente in die verskillende vertakkinge van die handelswetenskappe (aan al die universiteite in Suider-Afrika) daaraan deelgeneem.

Mnr. Lothar Barth (regs), Stellenbosch Boerewynmakery se besturende direkteur, verskyn hier saam met oud-Rektor, prof. Jannie de Villiers.

1941-'50 se Maties saam

'n EENDAAGSE saamtrek vir Oud-Maties uit die jare 1941 — '50 vind vanjaar op Vrydag 30 November aan die U.S. plaas. Mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van ontwikkeling, wat die reëlings tref, stel voor dat oud-studente uit dié jare in die lig van die huidige brandstofskaarste hulle vakansie en sake-afsprake in die Suide so reël dat dit met die vermelde saamtrek saamval!

,,Uitnodigings aan lede van dié groep oor wie se adresse ek beskik, is reeds uitgestuur. Diegene wat verblyf verlang, moet net laat weet. Dit sal nie 'n probleem wees nie,'' het mnr. Esterhuyse gesê. Mense wat nie 'n uitnodiging ontvang nie, moet asseblief onverwyld met hom in verbinding tree. Sy adres is: Departement Ontwikkeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600. Die telefoonnommer is Stellenbosch 70010 of 70062.

EREPROFESSORAAT AAN BURGER

'n MAN wat reeds meer as 20 jaar 'n leiersposisie in die wiskundige wetenskappe in Suid-Afrika beklee, is vir vanjaar deur die Universiteit van Stellenbosch met 'n ereprofessoraat in toegepaste wiskunde vereer. Hy is dr. Alewyn Petrus Burger, gewese vise-president van die W.N.N.R. en sedert 1977 wetenskaplike raadgewer van die Eerste Minister.

Dr. Burger het die graad M.Sc. in wiskunde in 1952 aan die U.P. met lof geslaag. Drie jaar later verwerf hy sy D.Sc. (cum laude) aan die Tegnische Hogeschool in Delft, Nederland. In 1957 word hy hoof van die Afdeling Toegepaste Wiskunde in die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium van die W.N.N.R. Daarna word hy direkteur van die W.N.N.R. se Nasionale Navorsingsinstituut vir Wiskundige Wetenskappe en in Maart 1973 is hy aangestel as vise-president.

Dr. Burger was reeds vir verskeie publikasies in gesaghebbende vaktydskrifte in Brittanje, Amerika, Nederland en Swede verantwoordelik, en was reeds vyf keer op uitnodiging na die V.S.A. en Swede in verband met navorsing. Die gesogte Havengaprys vir Wiskunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is in 1973 aan hom toegeken.

PRAISE FROM PITTSBURGH

Prof. Donald E. McCathren, Duquesne University, Pittsburgh, U.S.A.

I wanted to express my thanks for all you did to make it possible for me to participate in the recent University of Stellenbosch Bands Festival. I was very sorry that you were not in town for the festival because I am sure you would have been very proud of the achievements that were made by your splendid university.

I have conducted many music festivals but I must say that your first one was of the most unique and successful I have seen. The success of this important musical venture is due to the work mainly of two of your staff members, Dr. Paul Loeb van Zuilenburg and Dr. Ronnie Belcher. Both of these men are to be commended on the outstanding work they did in conceiving and carrying out this marvellous contribution to culture in South Africa.

I feel very privileged to have been able to play a small part in this important musical event. I also hope that this will be the first of many more such festivals that will follow in the years ahead. It did much to stimulate band music both to the players and to the public. It did much also to further the excellent image that your university enjoys.

I hope that I will have the pleasure of meeting you in person when I next visit South Africa. Congratulations on another outstanding achievement made by your university.

(This letter was addressed to Rector de Villiers. Prof. McCathren is a world renowned conductor and Professor of Music at Duquesne University. He is at present conductor of the American Youth Symphony and Chorus and of the South Hills Symphony in Pittsburgh. He was guest conductor at the first University of Stellenbosch Bands Festival. — Editor)

Prof. Ben onthou . . .

Prof. Ben Marais, Haystraat 372, Brooklyn, Pretoria:

Tydens Wilgenhof se groot reünievierings moes ek 'n toesprakie gaan hou. En toe ek daar op die stoep van ou Bachelors my staan kom kry, waar ek in die pad afgekyk het na die studentekerk toe, het ek meteens besef dat dit 50 jaar gelede was dat ek as eerstejaar langs daardie selfde paadjie die ou koshuis ruk-ruk binnegekom het. Ek sê ,,ruk-ruk'' want sewe van ons was met ons bagasie saamgebondel in 'n ou kapkar wat ons van die stasie af vervoer het. So na aan uitval of afval was ek nog nooit daarvoor of daarna nie! Ons kon Ohlson se taxi, of die ander een nie haal nie, en moes toe maar storm vir enigiets op wiele!

Maar miskien dui hierdie voorval volledig aan hoe Matieland in 50 jaar verander het.

Hoe goed onthou ek die ou span professore van daardie dae — die ou Skotte proff. McKenzie, Edgar, Morrison, die Hollanders, prof. Doors Reimers, prof. Piet van Braam met sy ,,regal''-fiets wat hy so eienaardig ,,bestyg'' het, prof. A. C. Bouman en dan die ouer garde Afrikaners prof. E. C. Pienaar, prof. N. J. Brummer, prof. J. J. Smith, prof. Basson, prof. ,,Penkop'' du Toit, prof. R. W. Wilcocks en die jongeres: proff. Frans Malherbe en J. A. Wiid. En dan was daar in die wetenskappe manne soos dr. Con de Villiers en prof. Gert Nel — die ou Engelse of Duitssprekende dosente prof. Notcutt, dr. Hurst, prof. Friedlander, dr. J. Hoge ens. ens. En wie kon prof. J. R. L. Franken vergeet! Party was vir ons raar maar vakmanne was hulle wel!

In ons koshuis het niemand gedurende my eerstejaar 'n motor besit nie. Ons het almal met ons voetjies klas toe gestap of met 'n fiets gery en geheel en al niks daarvan oorgekom nie! In die koshuis was 'n kwaai ontgroening. En as ek nou oor 50 jaar terugdink, moet ek erken dat dit ons veel meer goed as kwaad gedoen het — minder gelukkige voorvalle ten spyt.

U SKRYF AAN . . . .

Die Redakteur
MATIELAND
Dept. Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

En 1928 — dit was die jaar van die Du Plessis-saak. Die Ring het in die studentekerk in Stellenbosch sitting gehad. Die kerk was bedags propvol. Die studente het die professore die geleentheid gegee om ook die sitting by te woon! Die meeste het dit waardeer en gekom! Al die besprekings was nog in Nederlands want Nederlands was toe nog die amptelike kerktaal. En saans het die studente — of hulle nou al seniors of eerstejaars was, tokkelokke of landbouers, die sake weer in die koshuis op die grasperke beredeneer — ook in ,,Nederlands''. So onthou ek nog hoe Emil Adler, 'n goeie landbouer wat hom ook in dié diep sake begeef het, in antwoord op 'n ander man se argument hom verweer het met: ,,Maar Dr. Keet heeft een schoot gezegd!''

In die Wilgenhof van daardie dae het 'n grappie nog die rondte gedoen van 'n vroeëre student wat smiddags na ete in die ou leeskamer in die leuningstoel gaan sit en slaap het. Hy het gesnork en effe oopmond geslaap. 'n Maat van hom het gou oorgehardloop na die eetkamer en 'n halwe teelepel sout in sy oop mond kom gooi. Toe die ou wakker skrik, min wetende waarom, was sy eerste woorde: ,,Kêrels, ek het nou so heerlik van die see gedroom — my bek voel eintlik nog brak!''

Vrugtesteel was daardie dae nog nie 'n ,,sonde'' nie en allermins as 'n ernstige oortreding beskou. Daar is beurt gehou om druiwe ,,te gaal haal''. Uit hierdie dae spruit ook die storietjie van die student wat daar by oom Wakkie Krige se wingerd op sy maag onder die kweperheining deurgeseil het en toe hy hom anderkant in die wingerd oplig, staan daar iemand met 'n lamp vlak voor hom met

die vraag: ,,Waar gaan jy?'' Die antwoord was sonder huiwering: ,,Ek gaan terug!''

Toe ek in my derdejaar in die Studenteraad was, is 'n groepie studente wat op die Universiteitsplaas se toetspersele druiwe gesteel het, in hegtenis geneem en hul name is op die kennisgewingbord van die Universiteit aangebring vanweë 'n ,,ernstige oortreding''. Ons Studenteraad het die rektor, prof. Blommaert, 'n Vlaming, gaan sien om te verduidelik dat in hierdie land vrugtesteel nie as 'n ,,ernstige oortreding'' beskou word nie. Ons versoek was dat hul die ,,ernstige oortreding'' liefs nader moes omskryf as ,,vrugtesteel'', dan sou medestudente nie wilde gedagtes hê dat dié betrokke studente hulle moontlik aan openbare dronkenskap of brassery skuldig gemaak het nie!

As ek vandag op Stellenbosch kom, verbly ek my in so baie ou landmerke wat behoue gebly en selfs gerestoureer is. Ander mis ek — die ou ,,Pro Ecclesia-drukkery'' daar op Eersterivier se wal waar ek vir jare betrokke was by die ,,Stellenbosse Student''. En dan Jan Maraispark. Toe was dit vér — ons het in die winter as die vaal reëns die aarde deurweek het oor die dennenaalde gaan stap in daardie onbeskryflike stilte en die kleurryke sampioene bewonder. Die liefde was jonk en die wêreld onvergeetlik mooi.

En na 40 jaar hier in die Noorde met die Letaba en die Blyderivierspoort wat roep, die Cowynspas, die Sabie of Mariepskop wat wasig in die verte lê, doem skielik in my herinnering 'n pers bergspits op — en ek onthou die glorie van die jeug, ek onthou Matieland en 'n stukkie onoortreflike lewe.

Geniet die rus!

Die U.S. se Kanselierspaar, dr. en mev. B. J. Vorster, het in Junie vanjaar uit die openbare lewe getree.

Matieland wil graag namens almal wat die Universiteit se belange op die hart het baie dankie sê vir die onskatbare diens wat u oor jare heen aan Stellenbosch gelewer het. Dit is ons innige wens dat u verbintenis met die U.S. nog baie jare sal voortbestaan. Geniet die rus — en die kleinkinders — en mag u nog lank vir Suid-Afrika en ons Universiteit gespaar bly.

Carnegie dra by tot fees

Die Carnegie-biblioteek van die Universiteit se bydrae tot die 300-jarige feesvieringe van Stellenbosch is 'n indrukwekkende uitstalling oor Stellenbosch in die literatuur. Die uitstalling behels publikasies oor die Eikestad en sal minstens tot Oktober duur. Dit kan daagliks van 08h00 tot 17h00 deur die publiek besigtig word. Hier is twee personeellede van die Carnegie wat 'n groot aandeel met die reël van die uitstalling gehad het — links is mev. Betty Stubbings en regs mev. Lorinda de Klerk. (Foto: J. M. T. Studios)

† In Memoriam †

Sedert die verskyning van die vorige uitgawe van Matieland, het ons met leedwese verneem van die heengaan van verskeie bekende Oud-Maties. Matieland betuig graag sy innige meegevoel met die naasbestaandes van almal wat ons ontval het. Onder hulle was 'n oud-professor wat diep spore getrap het en wie se afsterwe deur duisende van sy oud-studente en vriende betreur word, te wete prof. F. E. J. (Fransie) Malherbe.

Prof. Malherbe, wat alom as die beminde „dr. Fransie" bekend was, was jare lank hoogleraar in die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die Universiteit. Hy is op 4 Julie op Stellenbosch ná 'n kort siekbed in die ouderdom van 85 jaar oorlede.

Nadat hy in 1924 die graad D.Litt. aan die Universiteit van Amsterdam verwerf het, is hy as dosent in die taalkunde aan die U.S., sy ou universiteit, aangestel. Hy het in 1930 hoogleraar geword, en in 1959 met pensioen afgetree.

Prof. Malherbe is beskou as een van die voorste letterkundiges in die Dietse wêreld en benewens sy talle publikasies, was hy veral ook bekend as stigterlid van die letterkundeblad: Ons Eie Boek, waarvan hy ook redakteur van 1935 tot 1955 was.

Hy was van 1955 tot 1958 voorsitter van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die Stalsprys vir Literatuurwetenskap is in 1959 deur die Akademie aan hom toegeken, en hy is in 1969 verkies tot erelid van dié liggaam.

Die U.S. het hom in 1975 vereer met die graad D.Litt. honoris causa. Prof. Malherbe laat sy eggenote, Marié, twee seuns, adv. A. L. Malherbe van Johannesburg en dr. W. D. Malherbe van Kaapstad, en sewe kleinkinders agter.

'n Oud-Matie, Andries Albertus Pienaar, wat onder die skuilnaam, Sangiro, groot bekendheid verwerf het, is in Mei op sy plaas Panfontein in die distrik Bloemhof oorlede. Hy was 84. Hy is op Broederstroom gebore en het as kind lank in die toentertydse Duits-Oos-Afrika gewoon.

Hy het die graad B.A. in 1921 aan die U.S. verwerf. Daarna is hy die eerste keer in ses jaar terug Duits-Oos toe om by sy ouers te kuier. Dit was op dié besoek in die skadu van Kilimandjaro wat hy die ondervindinge beleef het wat later aanleiding gegee het tot die skryf van die bekende Uit Oerwoud en Vlakte. Mnr. Pienaar was 'n groot natuurliefhebber en sterk gekant teen die uitroei van wild.

Kapt. Jacobus Cornelius van Wyk, Honoris Crux, een van ons land se jong oorlogshelde wat ná die Angolese oorlog met Suid-Afrika se tweede hoogste onderskeiding vir dapperheid bekroon is, is vroeër vanjaar in die ouderdom van 27 jaar in 'n skermutseling met Swapo-terroriste dood. Hy het die graad B. Mil. aan die U.S. verwerf, en die Honoris Crux (vir dapperheid) is in 1976 aan hom toegeken. Hy was ongetroud en word oorleef deur sy moeder, mev. René May, en 'n suster, mev. René Botha, albei van Krugersdorp.

Adv. Piet Krijnauw, L.V. vir Koedoespoort, is in April in die Tygerberg-Hospitaal oorlede. Hy het aan die U.S. in die regte gestudeer. Hy het in 1966 L.P.R. geword, en was eers L.V. vir Pretoria-Oos vóór hy in April 1974 L.V. vir Koedoespoort geword het. Adv. Krijnauw het onder meer gedien in die Landsraad van die Rapportryers en die hoofbestuur van die Nasionale Party.

Prof. Fransie Malherbe

Mnr. Pete du Toit

Mnr. P. J. G. (Pete) du Toit, 'n Oud-Matie wat gevorder het tot een van die voorste persone in die mynwese in Amerika, is onlangs oorlede. Nadat hy die graad B.Sc. in ingenierswese aan die U.S. verwerf het, is hy met 'n beurs van die Newmont Mining Company na die Montana School of Mineral Science and Technology in die V.S.A., waar hy die graad B.S. in myningenieurswese verwerf het. Hy het gevorder tot direkteur van mynnavorsing van die Anaconda Company in Montana, V.S.A.

Mnr. Tol de Villiers (58), gewese skakelbestuurder van Sanlam en oud-sportredakteur van Die Burger, is in Junie ná 'n lang siekbed oorlede. Hy was in die jare vyftig sportredakteur van Die Burger en het 19 jaar in die S.A. Rugbyraad gedien as verteenwoordiger van die S.W.D. As skakelbeampte van Sanlam het hy veel gedoen om die skakelwese in Suid-Afrika te bevorder. Hy was voorsitter van die Skakelinstituut van Suid-Afrika en is in 1976 deur die Instituut vereer. Hy het die graad B.A. aan die U.S. behaal.

Matieland het ook met leedwese verneem van die dood van die volgende oud-studente en Matiestudent:

- **Ds. Daniël Jacobus Erasmus op 9 Mei in die ouderdom van 88 jaar op Patensie;**
- Ds. Z. B. (Zachi) Badenhorst van die N. G. gemeente Wynberg, in Junie in die ouderdom van 58 jaar;
- **Ds. Brand Pieterse op 27 April ná 'n motorongeluk 'n week vóór sy 37ste verjaardag. Hy laat sy vrou en vier kinders agter.**
- Ds. Lukas Theron (48), medeleraar van die N.G.-gemeente Bloemfontein-Wes en polisiekapelaan in die Vrystaat;
- **Ds. C. J. Hattingh (69), emiritus leraar wat o.m. die gemeentes Capitol Park, Senekal en Groenkloof bedien het, en ten tyde van sy dood as skakelbeampte vir Mema opgetree het;**
- Mnr. J. A. Smuts, wat van 1915 tot 1920 op Stellenbosch gestudeer het en in 1918 en 1919 voorsitter van die Studenteraad was, op Lydenburg in die ouderdom van 85 jaar;
- **Mnr. Gysberg Jacobus (Bertie) Maritz, 'n bekende sakeman van Eversdal in die Kaap, in Maart;**
- Mnr. Hugo Louw, onderwyser aan die Laerskool Epping, op 7 Mei;
- **'n Student in sy eerste jaar aan die U.S., mnr. Pierre Jacobs (23), aan veelvuldige beserings wat hy in 'n motorongeluk by Jonkershoek naby Stellenbosch opgedoen het.**

KOOR VERTREK OORSEE

Lede van die Universiteitskoor Stellenbosch, onder leiding van hul dirigent, dr. Johan de Villiers, sing 'n liedjie op die lughawe D.F. Malan onderwyl die televisiekamera rol. Dit was op 21 Junie enkele minute voor hul vertrek op 'n oorsese toer na Duitsland, Oostenryk en Israel. Die koor is na Israel genooi om deel te hê aan die internasionale koorfees bekend as die Zimriya. Benewens die U.S.-Koor het nog net die Drakensberg Seunskoor uit Suid-Afrika voorheen 'n soortgelyke uitnodiging ontvang. (In ons volgende uitgawe sal volledig verslag gedoen word oor hoe die Koor oorsee gevaar het.)

Studente in kol met begroting

Ou Mutual en Nedbank het weer vanjaar 'n kompetisie oor die begroting uitgeskryf vir studente aan Suid-Afrikaanse universiteite. Dié foto is geneem toe die pryse aan die drie wenners aan die Universitiet van Stellenbosch oorhandig is. Hulle is Peter van Ryneveld (tweede van links), wat die algehele wenner was en die geleentheid gehad het om senator Owen Horwood se begrotingsrede in die Parlement by te woon, Ben Meyer (derde van regs) en Nick Barnardt (tweede van regs). Saam met hulle verskyn mnr. Frans Dekker (links), verkoopsbestuurder van Ou Mutual in die Eikestad, mnr. Piet Carinus (derde van links), L.P.R. vir Stellenbosch, en mnr. Frans van Niekerk (regs), bestuurder van Nedbank op Stellenbosch.

KASSETOPNAMES VAN BLAASORKES

GOEIE gehalte kassetopnames van verlede jaar se groot Stellenbosse Blaasorkesfees is nou verkrygbaar teen R5,00 elk, posvry. Dit bevat nommers deur die orkeste van die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad, die Cape Town Highlanders, die Cape Town Caledonian Society, Diocesan College (Bishops), die Cape Town Rifles (Dukes), die Kaapse Veldartillerie en 'n massaorkes onder leiding van die wêreldbekende prof. Donald E. McCathren van die V.S.A.

Stuur u tjek of posorder aan: Die Bestuurder, U.S.-Blaasorkes, Departement Ontwikkeling, Universiteit, Stellenbosch 7600.

NELL WORD DEKAAN



Prof. Billy Nell

PROF. W. L. (BILLY) NELL is aangestel as heeltydse dekaan van die fakulteit opvoedkunde. Hy volg prof. J. F. A. Swartz op wat einde vanjaar met pensioen aftree.

Prof. Nell is op 18 Oktober 1937 in die Paarl gebore. Hy matrikuleer aan Paul Roos-Gimnasium en aan die U.S. verwerf hy die volgende kwalifikasies: B.A. (1957), S.O.D. (1958), B.Ed. (1961), M.Ed. (1969) en D.Ed. (1973). Die S.O.D., sowel as die grade B.Ed. en M.Ed., is cum laude aan hom toegeken.

Nadat hy aan verskeie Kaaplandse hoër skole verbonde was, word hy in 1969 dosent op Stellenbosch en sedert 1975 is hy hoogleraar in onderwysadministrasie, geskiedenis van onderwys in Suid-Afrika en vergelykende opvoedkunde.

Hy het deur die jare 'n bedrywige rol gespeel in talle onderwys- en opvoedkundige liggame, o.m. as bestuurslid van die S.A. Taalbond, voorsitter van die Vereniging vir die Bevordering van Tweetaligheid (1978) en lid van die British Educational Administration Society. Hy is ook assessorlid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en bestuurslid van die S.A. Vereniging vir die Bevordering van die Opvoedkunde (1978/79). Uit sy pen het reeds 21 artikels in vakpublikasies verskyn.

Hy dien reeds etlike jare in die hoofbestuur van die S.A. Onderwysersunie (S.A.O.U.), en vir die tydperk 1978 — 1979 was hy voorsitter van die dagbestuur sowel as die hoofbestuur van hierdie Kaaplandse onderwysersvereniging. In dieselfde tydperk was hy ook voorsitter van die Gesamentlike Raad van die S.A.O.U. en sy sustersvereniging vir Engelssprekende leerkragte, die S.A.T.A., terwyl hy reeds sedert 1975 verantwoordelik is vir die rubriek Opvoedkundige Studies in *Die Unie,* lyfblad van die S.A.O.U. Hy is pas verkies tot lid van die Federale Raad van Onderwysersverenigings.

In *Die Unie* van Augustus vanjaar word daar in 'n hoofartikel die volgende oor sy aanstelling as voltydse dekaan berig: ,,*Die Unie* is dankbaar dat 'n persoon van prof. Nell se kaliber aangewys is om hierdie belangrike betrekking in die fakulteit opvoedkunde te beklee. Ons het hom deur die jare leer ken as iemand met besondere gawes van hart en verstand — 'n persoon met 'n gewilligheid om die saak van die georganiseerde onderwysberoep in Suid-Afrika én die opvoeding in die breë diensbaar te wees."

Oor sy rol as dekaan het hy hom soos volg uitgedruk: ,,Die fakulteit het deur die jare 'n leidende rol gespeel in die uitbouing van die opvoedkunde in Suid-Afrika. Ten einde hierdie posisie te handhaaf, sal daar egter aandag geskenk moet word aan sekere probleemareas, sodat daar nie in die woorde van die groot Britse opvoedkundige, John Guise, van ons gesê kan word: ‚Education lags behind instead of spearheading and fuelling the moral and spiritual advance of mankind into the new age'."

Hy het daarop gewys dat die fakulteit opvoedkunde, met 'n studentetal verlede jaar van 1 137, een van die grootste fakulteite aan die Universiteit is. ,,Bloot deur na statistieke insake die getal departemente en die aantal professorate in vergelyking met die posisie by ander fakulteite te kyk, is dit duidelik dat daar indringend besin sal moet word oor 'n meer effektiewe struktuurgewing aan die wye veld van deeldissipline wat tans binne die fakulteit uitgebou word."

Prof. J. H. Visser



Prof. S. Kritzinger

BENEWENS prof. Nell het die Raad van die U.S. ook nog verskeie aanstellings en bevorderings goedgekeur.

Prof. Serf Kritzinger, 38, wat sedert 1 Junie 1976 medeprofessor in die departement fisika was, is bevorder tot professor. Dié bevordering geld reeds van 1 Mei vanjaar. Prof. Kritzinger het die grade B.Sc., Hons.-B.Sc. en M.Sc. (almal cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Daarna het hy in Birmingham, Engeland, drie jaar navorsing gedoen in vastetoestandfisika en fisiese metallurgie vir 'n tweede M.Sc.- en 'n doktorsgraad. Hy is onder meer lid van die Britse Instituut van Fisika en die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sy spesialiseringsgebied is die meganiese eienskappe en substruktuur van vaste stowwe soos veral bestudeer met die elektronmikroskoop. Hy is houer van die Professor John Todd Morrison Goue Navorsingmedalje vir 1964 en ook The Institute of Metals Prize van die Britse Eilande vir 1967. Hy het reeds 22 publikasies die lig laat sien.

Dr. J. H. Visser, 48, is sedert 1 Julie vanjaar hoogleraar in botanie (plantfisiologie). Hy het die grade B.Sc., Hons.-B.Sc. en M.Sc. (cum laude) aan die P.U. vir C.H.O. verwerf, en sy doktorsgraad aan die Georg August-universiteit in Göttingen. Hy het o.m. gewerk as hoofnavorsingsbeampte in die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium en was sedert 1972 senior lektor aan die U.P. Voorverlede jaar het hy 'n studietoekenning

van die *Deutsche Akademische Austausch Dienst* ontvang, en in 1959 het hy met behulp van 'n beurs van die Mielieraad oorsee studeer. Hy is lid van die S.A. Genootskap vir Plantkundiges en van die Instituut vir Chromatografie. Ses-en-dertig publikasies het reeds uit sy pen verskyn.

Dr. P. H. Spies, 38, is aangestel as adjunk-direkteur en hoof van die Eenheid vir Toekomsnavorsing aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek. Hy was voorheen senior lektor in die departement landbou-ekonomie op Stellenbosch. Dr. Spies het aan die U.S. se fakulteit landbou gestudeer waar hy die grade B.Sc., Hons.-B.Sc. en M.Sc. (cum laude) verwerf het. Hy het in 1973 die graad Ph.D. (ekonomie) aan Iowa State University behaal. Hy het ook van September 1968 tot Junie 1971 aan dié Amerikaanse universiteit gewerk as navorsingsassistent in die departement ekonomie. Dr. Spies is o.m. lid van die Landbou-ekonomievereniging van S.A. (in 1976/'77 was hy vise-president) en van die International Agricultural Economics Association. Hy het verlede jaar en in 1976 studiereise in die buiteland onderneem.

Die aanstelling van 'n hele aantal senior lektore is ook goedgekeur. Hulle is: dr. J. J. R. van der Merwe en dr. E. H. Katzenellenbogen (albei in liggaamlike opvoedkunde); mnre. C. Redelinghuys en F. Viviers (albei in meganiese ingenieurswese); mej. E. M. Visser (huishoudkunde); dr. T. W. B. van der Westhuÿsen (sielkunde); mnr. D. Dill (beeldende kunste); mnr. C. J. Calitz (teenoor die vakante professoraat in bedryfsielkunde); dr. J. C. Visagie (geskiedenis); dr. J. P. Eloff (ortodonsie); dr. G. Watermeyer en dr. C. A. Hamman (albei in tandheelkundige prostetiek) en dr. J. C. Roux (bantoetale).

Nuwe lektore is: mnr. P. Dunaiski (teenoor 'n senior lektoraat in siviele ingenieurswese); mnr. F. P. J. Müller (teenoor die vakante senior lektoraat (navorsing) in siviele ingenieurswese); mnre. J. L. S. Steyn en A. J. van Niekerk (teenoor twee vakante senior lektorate in rekeningkunde); dr. J. T. Booysen (as lektor/kliniese assistent in anatomie en histologie); mev. M. van Wyk (huishoudkunde); mnr. J. C. Zietsman (Latyn); dr. H. S. Pienaar (chemie); mnr. T. A. Wegner (teenoor die vakante senior lektoraat in besigheidsbestuur en -administrasie); dr. J. T. Nel (as lektor/spesialis in anatomie); dr. C. A. van der Westhuizen (as lektor/kliniese assistent in anatomie); mnr. H. F. Underhay (mens- en dierfisiologie); mnr. T. Park (didaktiek); mnr. S. A. Cloete (ekonomie) en mnr. J. B. du Toit (bedryfsielkunde).

Mev. E. E. Snyman is aangestel as junior lektrise in sielkunde.

'N HONNEURSKURSUS in finansiële rekeningkunde, 'n vierjarige graadkursus in bedryfsingenieurswese en 'n eenjarige gevordere diplomakursus in boerderybestuur word van aanstaande jaar die eerste keer op Stellenbosch aangebied.

Die nuwe honneurskursus is veral gerig op die gebied van finansiële bestuur en behoort besonder geskik te wees vir mense in die handel, nywerheid en die onderwys. 'n B.Comm.- of 'n B.Econ.-graad met 'n prestasiepunt van minstens 60% in finansiële rekeningkunde of minstens 55% in rekeningkunde, is 'n voorvereiste vir toelating tot dié kursus wat voltyds (een jaar) op Stellenbosch en deeltyds (twee jaar) aan die buitemuurse afdeling in Mike Pienaar-rylaan, Bellville, aangebied sal word.

Die vierjarige graadkursus in bedryfingenieurswese wat van aanstaande jaar die eerste keer in die fakulteit ingenieurswese aan die U.S. aangebied word, is veral van groot belang in die lig van die toenemende aanvraag na bedryfsingenieurs. Volgens 'n studiestuk van die Nasionale Produktiwiteitsinstituut het die Republiek 3 000 bedryfsingenieurs nodig — op die oomblik is daar maar 450 in die arbeidsmark wat die nodige kwalifikasies het. Die moontlikhede en vooruitsigte in dié beroep spreek derhalwe vanself.

Die gevorderde diplomakursus in boerderybestuur word van die begin van die nuwe akademiese jaar in die departement landbou-ekonomie van die fakulteit landbou aangebied. Dit is 'n eenjarige kursus en studente wat daarvoor wil inskryf, moet minstens 'n tweejarige diplomakursus aan een van Suid-Afrika se landbou-kolleges suksesvol voltooi het. Die kursus is gerig op bestuur op die plaas en nie op die breë landbou-ekonomie nie.

U.O.V.S. vereer Thom en Human

Twee gevierde Oud-Maties en manne wat reeds diep spore op hulle onderskeie terreine gelaat het, is vroeër vanjaar deur die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vereer.

Die graad D.Ed. (honoris causa) is verleen aan prof. H. B. Thom (links), oud-rektor van die Universiteit en tans voorsitter van die Adviserende Raad op Universiteite. Sy vernaamste vakgebied is geskiedenis en hy is vereer vir die onmeetlike bydrae wat hy op die breë ekonomiese kulturele terrein gelewer het. Prof. Thom was ook verantwoordelik vir sewe bekende boeke en talryke ander publikasies. Hy het in Desember 1969 uitgetree as Rektor van die U.S. Hy is tans president van die Konvokasie.

Die bekende sakeman en besturende direkteur van Federale Volksbeleggings, mnr. C. J. F. Human, het die graad D.Com. (honoris causa) ontvang. Hy is vereer vir die belangrike bydrae wat hy landswyd gelewer het tot die uitbouing van die Afrikaanse sake-betrokkenheid. Hy het die grade B.Comm. en Hons.-B.Comm. op Stellenbosch verwerf.

DIE intensiewe musieklewe van die Eikestad is gedurende die afgelope twee jaar verryk met 'n dinamiese nuwe instelling, die Konservatorium-Dameskoor o.l.v. Acáma Fick wat reeds groot hoogtes bereik het.

Vanaf die dae van proff. Endler en Jannasch is Stellenbosch die middelpunt van 'n Afrikaanse koortradisie, wat na elke uithoek van die Republiek uitgedra is.

Die Stellenbosse Universiteitskoor het 'n nuwe peil van koorsang daargestel.

Dit het ook as ideale leerskool gedien vir 'n aantal uitstekende koordirigente insluitende dr. Johan de Villiers en mej. Acáma Fick.

Acáma is in Germiston gebore as die dogter van ds. (tans senator) en mev. J. J. Fick. Toe sy agt jaar oud was het sy haar eerste musieklesse van 'n orrelis in Port Elizabeth ontvang. Haar herinneringe aan daardie dae is net ,,donkerte, kwaai honde en katte en 'n liniaal.'' Die onderwyser was een van daardie wat gedurig die leerling oor die vingers slaan, en boonop het hy haar die dodelike Beringer-vingeroefeninge gegee!

Wyslik het haar ouers besluit om dié lesse te staak, en is sy vir 1½ jaar na mev. Van der Merwe (moeder van die bekende orkesdirigent Johan). Sy vertel dat sy geblom het in die huislike atmosfeer (,,die hele huis het na vars beskuit geruik''), en met die musiek het dit voor die wind gegaan.

Toe sy in standerd 2 is, het hulle na Pretoria verhuis waar sy tot in standerd 8 klavier en teorie onder wyle mev. Joyce Joubert bestudeer het (,,sy was wonderlik'').

Toe die Konservatorium vir Musiek in Pretoria tot stand gekom het met Hennie Joubert as onderdirekteur, het Acáma Fick by hom les geneem.

Toe prof. Maria Hittorff van Wenen (Mimi Coertse se leermeesteres) meesterklasse aan die Universiteit van Pretoria gegee het, was Acáma die enigste skooldogter wat sy aanvaar het. Uit sowat 'n honderd aansoeke het prof. Hittorff net 25 aanvaar. Dié klasse het die matriekleerling ,,geweldig inspirerend'' gevind.

Nadat sy in 1962 gematrikuleer het aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria, het Acáma Fick ingeskryf as voltydse student aan die Konservatorium in Pretoria met klavier as hoofrigting en orrel as byvak. Haar leermeesters was dr. Paul Loeb van Zuilenburg en Willem Mathlener. Terselfdertyd het sy sang studeer onder Nellie du Toit en vir twee jaar onder Margaret Wandelt.

Ná vyf jaar studie verwerf sy die A-diploma en die Hoër Konservatorium-diploma met lof. In 1968 aanvaar sy 'n betrekking as musiekonderwyseres aan die Hoër Meisieskool Bloemhof op Stellenbosch.

Die hoof van hierdie skool, mej. Elise Coetzee, het mej. Fick aangesê om die skoolkoor oor te neem. Hoewel sy geen opleiding in koorleiding gehad het nie, het sy soveel sukses behaal dat die skoolkoor die eerste prys verower het in die Nasionale Koorwedstryd vir hoër skole wat die SAUK in die Langenhoven-herdenkingsjaar uitgeskryf het. Daar was letterlik honderde inskrywings.

Deur intuïtief gebruik te maak van haar musikale gehoor en eie aanvoeling het sy hierdie besondere onderskeiding verwerf.

Ná ses jaar aan die Bloemhofskool het sy vir twee jaar studieverlof geneem om in 1975 die B.Mus-graad aan die Universiteit van Stellenbosch cum laude te verwerf. In skoolmusiek o.l.v. Philip McLachlan het sy vir die eerste keer 'n paar lesse in koorleiding ontvang.

IN 1976 word Acáma Fick as lektrise in skoolmusiek aan die U.S. aangestel, en sy sluit vir die eerste keer aan by die Universiteitskoor o.l.v. prof. McLachlan. Nadat hy 'n hartaanval gekry het, moes sy ook gedurende hulle Europese reis van 1976 instaan om by enige konsert oor te neem, indien nodig.

Daardie jaar van koorsang o.l.v. Philip McLachlan het haar die meeste van koorsang geleer. ,,Daar is geen beter leerskool vir die koordirigent as die om self in 'n koor te sing nie.'' Sy sê dié ondervinding onder prof. McLachlan was vir haar selfs meer waardevol as die bestudering van die gevierde handboek van Kurt Thomas.

,,Wat ek veral by oom Philip geleer het, is dat 'n koor so goed sing as wat die gees tussen die koorlede en die dirigent toelaat, en dat die belangrikste aspek van die dirigent die werk met mense is.''

In 1976 ontvang Acáma Fick 'n beurstoekenning van die Kaapse Drie Eeue-Stigting vir navorsing t.o.v. Suid-Afrikaanse musiekgeskiedenis, en in 1977 verwerf sy die Hons.-B. Mus. ook cum laude. Tans is sy besig met M. Mus.-studies in musikologie o.l.v. prof. Reino Ottermann.

Mej. Fick is voorwaar 'n veelsydige musikus wat nie alleen intens belangstel in koorleiding en musiekwetenskap nie, maar is ook 'n uitmuntende pianis. Terwyl sy onderwyseres aan Bloemhof Hoër Meisieskool was, het sy klavierspel o.l.v. John Antoniadis gestudeer. Sy het ook enkele lesse van Lamar Crowson ontvang.

Die Konservatorium-Dameskoor is nie gestig nie, maar het letterlik ontstaan. Aan die einde van 1977 moes Acáma by die afsluitingsfunksie van die fakulteit opvoedkunde sorg vir 'n musieknommer.

Sy het toe 40 dames van die departemente skoolmusiek en musiek bymekaargebring. Hulle het die Gloria uit Britten se Missa Brevis (in die Moederkerk) gesing. So positief was die reaksie dat die lede versoek het dat die koor 'n permanente instelling moes word.

Daar is baie dames wat nie in die Universiteitskoor kan sing nie, en toe prof. Richard Behrens, die direkteur van die Konservatorium, geesdriftig 'n oefenlokaal verskaf, is die Dameskoor saamgestel uit sowat 65 lede, nie net uit

die departement skoolmusiek en musiek nie, maar ander belangstellendes vanuit wyduiteenlopende departemente vanaf huishoudkunde tot liggaamlike opvoedkunde.

DIE openbare buiging van die Konservatorium-Dameskoor tydens die inwydingskonsertreeks van die nuwe Konservatorium (in 'n veelsydige program vanaf sestiende eeuse tot moderne elektroniese musiek) was so geslaagd dat kritici soos Stefans Grové (Rapport) en Thys Odendaal (Die Beeld) die hoop uitgespreek het dat hierdie voortreflike koor landswyd moet optree.

Die koor is selfs uitgenooi om in Julie vanjaar tydens die Betty Pack-jeugfees in Johannesburg op te tree. Uitnodigings het ook van baie ander sentra ingestroom. Weens 'n gebrek aan fondse moes al dié versoeke van die hand gewys word. Hulle het wel self 'n uitvoering in die Malmesbury-gemeentesentrum gereël.

Selfs vir die koorkamp in April vanjaar naby Stellenbosch moes die koorlede self betaal en sulke koorkampe is onontbeerlik, want dáár word meer as met twee maande se oefeninge bereik.

Vroeër vanjaar het die dameskoor deelgeneem aan 'n geslaagde uitvoering van Bach se Mattheüs-passie o.l.v. Barry Smith in die Endlersaal op Stellenbosch wat hulle genooi het om later vanjaar in die St. George-katedraal in Kaapstad op te tree. Die koor beplan vanjaar ook radio- en TV-opnames.

Die Konservatorium-Dameskoor is verantwoordelik vir die eerste uitvoerings van Hooglied-fragment van Roelof Temmingh en Hubert du Plessis se verwerking, Agt Franse Volksliedjies, wat aan hulle opgedra is.

Ons hoop van ganse harte dat fondse daargestel sal word om hierdie uitmuntende koor in staat te stel om landwye konsertreise te onderneem. Ek kan my nouliks beter ambassadeurs uit Matieland uit voorstel.

Acáma se koor op pad na roem

deur Frits Stegmann

Vir my is die vernaamste hoedanighede van Acáma Fick haar innige musikaliteit, vuur en finesse, wat sy met kundigheid, oorgawe, inspirasie en wedersydse liefde aan die koorlede oordra.

Prof. McLachlan sê: ,,Baie koorleiers besef nie die mag van suggestie in oordrag nie. As dit by meer subtiele effekte kom, dan kan jy dit by 'n amateur net deur geestesoordrag ontlok." Om dít te bereik moet jy dit saam met hulle doen en meeleef. Hy meen dat Acáma Fick oor hierdie noodsaaklike hoedanighede beskik. Hy stem saam met my dat sy 'n fantastiese musikus is.

STADION LUISTERRYK GEOPEN

Onder: Die Leeu van Coetzenburg, Jan Boland Coetzee, stoomroller voort terwyl Tukkies se losskakel, Naas Botha, wanhopig probeer keer. Coetzee het 'n groot aandeel gehad in die oorwinning oor die Tukkies.

Onder: Genl. Magnus Malan, Hoof van die Weermag, is hier afgeneem pas nadat ereklere van die U.S.-Rugbyklub kort voor die aanvang van die kragmeting tussen Maties en Tukkies aan hom toegeken is. Die oorhandiging is op die hoofpawiljoen gedoen deur prof. Mike de Vries wat in daardie stadium nog vise-rektor was.



Die Danie Craven-stadion is Saterdagmiddag 31 Maart amptelik geopen deur die Kanselier van die Universiteit, dr. B. J. Vorster. Dit was 'n luisterryke geleentheid — die weer was pragtig, daar was 18 000 geesdriftige toeskouers en dr. Vorster se openingstoesprakie het soos 'n handskoen gepas by die gees van die middag.

,,Die Tukkies het die grootste universiteit. Dit is so. Maar vanmiddag sal hulle sien wat gebeur wanneer hulle rugby speel teen die beste universiteit.'' Só het hy die kwinkslae die een ná die ander laat rol, soos net hý kan.

En hoe raak het dr. Vorster nie voorspel nie. Die Maties het die Tukkies 'n rugbyles soos min gegee — die eindtelling was 16—3. Die hoogtepunt van die wedstryd was toe heelagter Christo Nel in die 40e en laaste minuut van vlak voor sy eie pale deurgesuiker het vir 'n pragdrie.

Op 19 Mei is die eerste Intervarsity tussen Maties en Ikeys op die Danie Craven-stadion gespeel. In 'n minder aantreklike wedstryd het die Maties met 15—3 gewen.

Dagbreek het sy grootste inwoner 'n gulhartige verwelkoming gebied. Die Maties se nuwe Rektor, prof. Mike de Vries, ook 'n oud-Dagbreker, stap langs dr. Vorster.

Dagbreek se feesvieringe

DAGBREEK, die Huis van Roem en Faam, oudste manskoshuis in die land naas Wilgenhof, 'n plek met 'n groot verlede, het in die naweek van 6-8 April sy grootste inwoner, dr. B. J. Vorster (huidige Kanselier van die U.S.), vereer. Terselfdertyd is Dagbreek ook weer „ingewy" want sedert verlede jaar is aansienlike verbeteringe aan dié ou kolos aangebring.

'n Erekode is aan dr. Vorster oorhandig omdat hy die eerste Staatspresident was wat Dagbreek opgelewer het. 'n Erepenning — die tweede in die geskiedenis — is aan prof. H. B. Thom, nog 'n beroemde oud-inwoner en gewese Rektor van die U.S., oorhandig. (Dr. Vorster was in 1977 die ontvanger van die eerste erepenning.)

Honderde oud-Dagbrekers het van wyd en ver opgeruk vir dié feesvieringe. Vrydagaand 6 April was daar 'n osbraai. Dit is gevolg deur die inwydingsplegtigheid en huisvergadering. Die volgende dag het huidige en oud-inwoners mekaar op die sportveld gepak. Dié aand was daar 'n dinee waarop die erekode en erepenning aan dr. Vorster en prof. Thom oorhandig is. Sondag het ds. Jan Hanekom, gewese kaptein van die Matierugbyspan en Suidelike Universiteite, die diens in die Studentekerk gelei en die middag is daar vir oulaas saam geëet in Dagbreek se eetsaal.

Twee beroemde oud-Dagbrekers saam — prof. H. B. Thom en dr. John Vorster.

'n Paar van die „ou manne" wat die feesvieringe bygewoon het.

Regs: Dagbreek se museum is werklik iets besonders. Hier staan mnr. Stefan Spies, lid van die huiskom, in een van twee vertrekke wat die museum huisves.



Wium Mostert

Bokkie Blaauw



Corrie Wessels



Willie Prinsloo



Neil Koch



Hennie Underhay



Pierre Thiart



Jan du Toit

ATLETIEK in die land van die Maties sal nooit weer dieselfde wees nie . . . 'n nuwe bedeling is op 1 Mei vanjaar in werking gestel en in dié stadium voorspel dit groot dinge vir die toekoms.

Die Matie-atletiekklub oftewel die Stellenbosch-Atletiekklub (dis sy eintlike naam), het nou 'n voltydse organiseerder in die persoon van mnr. Nelis Swart. Hy beklee sy nuwe pos sedert 1 Julie. Mnr. Swart—onnodig om te meld dat hy 'n Oud-Matie is—is 'n ou bekende in atletiekkringe op Stellenbosch en in die Westelike Provinsie. Hy is onlangs ook verkies tot sekretaris van die W.P. Amateuratletiekvereniging waarvan nog 'n bekende Stellenbosser en Oud-Matie, mnr. Jannie Momberg, die voorsitter is. Boonop is mnr. Momberg ook voorsitter van die Stellenbosch-Atletiekklub. Benewens Nelis Swart het die Atletiekklub op 1 Mei vanjaar tien hulpafrigters ryker geword.

Die twee manne wat die nuwe bedeling in Matie-atletiek moontlik gemaak het, is mnr. Piet Retief, die Universiteit se sportsekretaris, en mnr. Wium Mostert, amptelike heeltydse atletiekafrigter van die U.S. Albei is egter baie vinnig om by te voeg dat dit nie moontlik sou gewees het sonder die hooggewaardeerde hulp van die Universiteitsowerhede nie.

Hoewel die Atletiekklub tot onlangs toe nog oor die dienste van twee voltydse afrigters beskik het, het die nuwe bedeling die voordeel dat beskikbare deskundige advies nou ingespan kan word om die hele spektrum van afrigting te dek.

Die paneel van hulpafrigters sluit onder meer drie Springbokatlete in, t.w. Danie Malan, voormalige wêreldrekordhouer in die 1 000 meter en houer van die S.A. rekord in die 1 500 meter, Andries Krogmann, bekende langafstandatleet wat al menige Suid-Afrikaanse titel ingepalm het, en Clive Dale wat reeds die myl twee keer in minder as 4 minute afgelê het.

Die volledige paneel, met die nommers waarvoor hulle verantwoordelik is en met Wium Mostert as die koördineerder en hoofafrigter, lyk so: Bokkie Blaauw (400 meter); Pierre Thiart (400 meter); Danie Malan (800 en 1 500 meter); Clive Dale (800 en 1 500 meter); Andries Krogmann (3 000 meter en verder); Jan du Toit (hoogspring); Neil Koch (hoogspring); Willie Prinsloo (verspring en driesprong); Hennie Underhay (gewigstoot, skyfwerp en hamergooi), en Corrie Wessels (spiesgooi).

Mnr. Mostert self sal verantwoordelik wees vir die naellope en tegnieknommers soos bv. paalspring en hekkies.

'n Verblydende kenmerk van die paneel is dat dit die dienste insluit van vier dosente aan die Universiteit, t.w. dr. Bokkie Blaauw en mnre. Jan du Toit, Hennie Underhay en Corrie Wessels. Laasgenoemde het op sy dag die Suid-Afrikaanse spiesgooititel ingepalm.

Mnr. Jannie Momberg het die nuwe bedeling bestempel "as die regte inspuiting vir die klub aangesien dit onmoontlik geword het vir twee voltydse afrigters om die hele afrigtingsaspek te behartig."

Vanjaar het die Matie-atletiekklub 'n goeie oes gehad met die toevoeging van die volgende nuwelinge: Mans: Bertie de Wet, Gerald Gray (naellope), Victor Liebenberg (5 000 meter), Ernst van Eck (3 000 meter hindernis), Kobus Dippenaar (110 en 400 meter hekkies), Heinrich Badenhorst (hoogspring), André Franken (paalspring),

Nelis Swart

MATIE-ATLETIEK: NUWE BEDELING

Jannie Momberg

Willie Prinsloo (verspring en driesprong) en René de Wet (spiesgooi). Vroue: Magaret Legg, Hannalie Rust (naelope en 400 meter), Frieda du Plessis (400 meter), Jeanette Viljoen (800 meter), Annalise Kuun, Patsy Sharples, Judy Ryan (1 500 meter en 3 000 meter) en Elmarie Bonthuys en Anette van der Merwe (hekkies).

Met dié nuwe talent en die klub se ou staatmakers —hier word veral gedink aan mansatlete soos Dirkie van Niekerk (naellope). Russel Rein (400 meter), Danie Goosen, Dirkie Breedt, Lourens Erasmus (800 meter), Clive Dale (1 500 meter), Julian Marsay, Paul Viljoen, Johan Dreyer (5 000 meter en 3 000 meter hindernis), John Donald (10 000 meter en marathon), Deon Smit (paalspring), Izak Kotzé (gewigstoot en skyfwerp), Wynand Pienaar, George Laubscher (hamergooi), Johan Oosthuizen, Piet van der Merwe (spiesgooi) en vroue-atlete Isabel Kock (400 meter), Brenda Krogman (400 meter hekkies), Hannalie Kotzé (gewigstoot) en Marieta Nel (spiesgooi)—word die toekoms met groot moed en hoë verwagtinge tegemoet gegaan.

Danie Malan



Andries Krogmann

Clive Dale

ERIKA THERON –

enig in haar soort

deur Heloïse Davis

ERIKA Theron—gebore op Tulbagh op die 17e dag van Mei 1907—eerste vrouekanselier aan 'n universiteit in Suid-Afrika, eerste vroulike burgemeester van Stellenbosch, eerste vrou in die Raad van die U.S., eerste vroulike hoof van die departement van maatskaplike werk aan die U.S. en die eerste vroulike voorsitter van 'n kommissie van ondersoek deur die regering aangestel.

'n Mondvol, en nie eers 'n druppel in die emmer oor wat mens kán sê oor hierdie merkwaardige vrou nie.

Vandat Erika Theron in 1925 haar matriekeksamen suksesvol afgelê het op Tulbagh was dit vir haar bestem om een van Suid-Afrika se grootste maatskaplike werksters tot op hede te word. En as mens na die titel van haar tesis vir die graad D.Phil. kyk, Fabriekwerksters in Kaapstad (uitgegee deur Nasionale Pers Bpk. in 1944), blyk dit duidelik waar haar intense belangstelling van die begin af gelê het.

,,Hoe anders ?'' vra dr. Theron. ,,My vader en moeder was wonderlike mense. In ons huis is ons geleer dat alle ander kindermaatjies gerespekteer moet word, ongeag kleur. My vader het 'n groot belangstelling in bruin onderwys gehad en my moeder was een van die stigterslede van die A.C.V.V. My susters het 'n lewendige belangstelling in die maatskaplike werk gehad, met die gevolg dat my paadjie in die lewe hom self uitgetrap het.''

Dr. Theron se naam was onlangs weer opnuut in die kalklig toe sy die eerste vroulike kanselier in Suid-Afrika geword het, dié van die Universiteit van Wes-Kaapland verlede jaar.

En dit, tesame met die feit dat sy lid van die Raad van die U.S. is, is miskien die hoogtepunte van Erika Theron, die akademikus. Haar akademiese loopbaan het in 1926 aan die U.S. begin waar sy eers haar B.A., toe M.A. (ekonomie) en daarna D.Phil in sosiologie behaal het. Na die verkryging van die M.A.-graad het dr. Theron vir drie jaar aan die Universiteit van Berlyn gestudeer. Die Carnegiebeurs is ook aan haar toegeken. Sy is lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en het verskeie boeke agter haar naam.

In 1937 het sy lektrise aan die U.S. geword, in 1955 hoogleraar en later hoof van die departement maatskaplike werk.

Erika Theron, die welsynswerkster, se belangstelling op dié terrein het nie 'n begindatum nie, dit was maar altyd daar. Mylpale was daar egter baie. In die ontwikkeling van die bruinmense het sy 'n belangrike rol gespeel, 'n integrale deel daaraan gehad. Die hoogtepunt wat die ontwikkeling van die bruinman in Suid-Afrika betref, was ongetwyfeld haar voorsitsterskap van die Theronkommissie oor sake rakende die Kleurlingbevolking. Maar, sy is ook voorsitster van die Kommissie vir Welsynsbeplanning, vise-voorsitster van die Nasionale Behuisingskommissie, en van die Nasionale Welsynsraad.

Nou duik die vraag op: Hoe bring 'n vrou dit sover in die lewe? Intelligensie en toegewydheid is noodsaaklike bestanddele, maar dit is nie genoeg nie, daar moet ook die moed van die oortuiging wees om te sê wat mens voel.

Daarvan het dr. Theron genoeg. Trouens, sy is daarvoor bekend dat sy iemand is wat haar sê sê sonder om emosioneel op te tree.

Daar was dié keer in die Senaat van die Universiteit in die dae toe prof. H. B. Thom nog Rektor was en daar salarisgewys nog teen die vroulike personeel van die U.S. ,,gediskrimineer'' is. Nuwe salarisaanpassings is bespreek en toe word dit stil toe prof. Erika opstaan en kalm die stelling maak te midde van al haar manlike kollegas: ,,Ek neem aan, prof. Thom, dat die salarisse wat ons nou bespreek, ook vir vroue geld.'' Sy sê hy kon net glimlag. ,,En toe het die manne gelag, want soos ek vermoed het, die swakker salarisse van ons vroulike personeel was nie eers gemeld nie!''

Maar, sê dr. Erika, sy kom goed oor die weg met haar manlike kollegas. ,,Ek het geen probleme met kollegas wat my nie aanvaar as gevolg van my geslag nie.''

Mens wonder net tussen hakies, of dit die geval met enige ander vrou in haar posisie sou gewees het en of dit nie maar net haar sterk persoonlikheid is wat dit teweegbring nie.

Sy het egter een klagte: ,,Alle minderheidsgroepe, hetsy ons vroue, die bruinmense of wie ook al, moet altyd uiters versigtig wees in ons optrede, want mense veralgemeen tog so graag.

,,As ek in my motor klim en ry dorp toe en ek is nie vinnig genoeg om 'n gaping te slaan nie, dan sê hulle: ‚Dis weer tipies van vroulike bestuurders'. Maar helaas, as dit 'n man sou wees, word daar baie maal nie eers 'n opmerking gemaak nie!

,,Daarom is dit belangrik dat al sê mens wat jy wil, dit op die korrekte manier gedoen moet word. Ek moet myself altyd daaraan herinner dat ek nie net myself verteenwoordig nie, maar die hele vroulike geslag.''

Oor die implementering van die Erika Theronkommissie se aanbevelings, sê dr. Theron dat sy tevrede voel oor die wyse waarop die aanbevelings in verband met behuising aangepak word.

En die toekoms? ,,Daar is veral twee dinge wat my sommer baie bedrywig hou. Eerstens is ek nog redaktrise van die enigste vaktydskrif vir maatskaplike werk in Suid-Afrika. En dit hou my besig. Dis nou in sy 14e jaargang en verskyn kwartaalliks. Ons het 'n oplaag van 2 000. Verskeie van ons intekenaars woon selfs in die buiteland.

,,Tweedens is daar die Behuisingskomitee wat baie van my aandag geniet. Dít is iets wat my baie na aan die hart lê.''

Erika Theron op 72-jarige leeftyd is só bedrywig, só nuttig en só dinamies soos in enige ander stadium van haar lewe. En só sal sy bly ....

NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE KONVOKASIE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH GEHOU IN DIE ENDLERSAAL OP 30 NOVEMBER 1978 OM 19h30

Aanwesig:
Prof. H. B. Thom (President en Voorsitter), mnr. P. Aucamp, mev. T. C. Aucamp, dr. F. H. Badenborst, mev. J. M. Beukes, dr. B. G. Beyers, mev. K. E. Beyleveld, prof. R. H. Behrens, ds. G. J. V. Bell, mev. H. Bell, dr. R. K. Belcher, mnr. D. V. Benade, prof. B. Booyens, mevv. J. S. Booyens, A. J. Booysen, mnre. C. M. Booysen, P. J. A. Borman, prof. A. G. Botha, mev. M. J. Botha, ds. S. J. Botha, dr. D. Brink, mev. J. J. Burema, mnr. R. M. Burema, mevv. M. S. B. Cillié, E. J. Cilliers, prof. S. P. Cilliers, mevv. Elsa Claassen, A. Claassens, mnr. S. J. H. Claassens, mev. G. E. Cluver, prof. P. F. Cluver, mnre. J. P. Coetzee, E. L. Conradie, R. P. Conradie (sekretaris), prof. J. J. Cruywagen, mnre. L. J. de Jongh, W. A. de Jongh, N. C. de Klerk, G. J. de Swardt, dr. A. J. D. de Villiers, proff. J. N. de Villiers, O. T. de Villiers, P. C. de Villiers, mev. S. J. A. de Villiers, prof. M. J. de Vries. mevv. R. de Vries, D. F. Dreyer, mnre. D. du Toit, F. L. du Toit, mev. H. du Toit, prof. D. L. Ehlers, mnre. S. A. Engelbrecht, J. C. Erasmus, A. J. Esterhuyse, dr. J. S. Gericke, proff. T. Gonin, G. L. F. Hartwig, mev. J. M. Hartwig, mnr. D. C. Hauptfleisch, drr. J. B. B. Heyns, N. J. Heyns, mev. M. Horn, prof. M. E. Jooste, mev. M. H. Jordaan, prof. P. G. Jordaan, mev. A. Joubert, drr. D. J. Joubert, P. R. Joubert, mnre. R. B. Justus, C. E. Kannenberg, ds. J. F. Kocks, mnr. J. L. Kriel, mev. L. Kriel, prof. G. J. R. Krige, mnr. J. J. Kritzinger, mev. M. Kritzinger, mnr. J. C. Krynauw, mev. M. J. Lazarus, mnr. Z. J. Lazarus, mevv. B. le Roux, E. N. le Roux, mnre. M. S. le Roux, P. J. Lombard, mev. P. Lotz, mejj. G. J. Louw, M. H. Louw, mev. E. C. Malan, mnre. W. C. Malan, G. H. Malherbe, prof. B. J. Marais, mevv. M. Marais, S. Marais, prof. J. G. Meiring, mnr. J. W. H. Meiring, mevv. A. E. J. Metcalf, S. F. Meyer, mnr. N. C. Müller, dr. L. M. Muntingh, mej. J. L. Murray, dr. W. C. Naudé, mnr. A. Nel, prof. A. Nel, dr. C. J. G. Niehaus, mev. H. Niehaus, mnr. G. Nieuwoudt, prof. J. J. Oberholster, mnre. P. E. Oberholster, J. S. Odendal, J. R. Olivier, J. J. Oosthuysen, mev. R. Ottermann, prof. R. E. Ottermann, mev. A. H. Perold, mnre. J. J. Piek, M. H. Pienaar, prof. J. W. Postma, mnre. J. P. Pretorius, P. J. J. Prins, mej. B. Rabie, mev. L. Rabie, mnr. M. J. Rall, mev. H. M. Smit, mnr. J. N. Smit, mev. M. J. Smit, ds. A. J. H. Smith, prof. F. Smuts, mev. J. H. Smuts, dr. H. H. Spangenberg, mevv. J. J. Spangenberg, E. M. Steenkamp, mnr. N. S. L. Steenkamp, mev. A. A. Steer, mnre. J. H. Strauss, C. J. Swanepoel, mev. E. Theron, prof. Erika Theron, mnr. W. Theron, mev. M. J. Thom, mnre. L. M. Toerien, H. J. Truter, J. R. Uys, P. E. van der Gaast, mev. A. M. van der Merwe, mnr. C. J. van der Merwe, prof. H. W. van der Merwe, mnr. J. J. van der Merwe, dr. D. H. van der Vyver, mnr. H. P. van der Westhuizen, prof. W. M. van der Westhuizen, mevv. E. van Heerden, H. M. van Huyssteen, mnr. J. W. L. van Huyssteen, mev. L. van Huyssteen, mnr. A. A. J. van Niekerk, prof. H. G. van Niekerk, mev. M. M. I. van Niekerk, mnr. M. van Rensburg, mev. B. A. van Rooyen, mnr. J. J. van Rooyen, mev. D. M. J. van Vuuren, dr. J. C. J. van Vuuren, ds. J. D. van Wyk, mnre. H. B. van Zyl, H. S. Visser, kapt. T. C. B. Vlok, mnr. H. J. Zietsman.

Dertig besoekers het ook die presensielys onderteken.

Konstituering
Die Sekretaris lees die gepubliseerde kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is, voor.

Na 'n openingsgebed deur dr. J. S. Gericke heet die President alle aanwesiges hartlik welkom.

Betuiging van meegevoel
Die vergadering betuig sy meegevoel met die naasbestaandes van lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering oorlede is. Die volgende name word genoem: Staatspresident N. Diederichs, mnr. Schalk Pienaar, prof. J. H. Barnardt, dr. D. R. Snyman, prof. J. C. Swart, dr. J. H. Kritzinger, prof. Helmut Erbe, dr. C. J. Roelofse, prof. C. L. Wicht, mnr. Charles Johnman, dr. A. J. van der Merwe, mev. Kenau Havemann, mev. Ivy Angove, dr. S. H. Pellissier, prof. C. G. S. de Villiers.

Die notule van die vergadering van 7 Februarie 1979 word bekragtig en deur die President onderteken. As 'n aangeleentheid wat uit die notule voortvloei, versoek die President die Rektor van die Universiteit, prof. J. N. de Villiers, om die vergadering in breë trekke in te lig oor die vordering met die ontwikkeling van die Durbanville-satellietkampus.

Geleentheidsonderwerp
Die geleentheidsonderwerp, t.w. "Die betekenis van Stellenbosch as musiek-opvoedingsentrum", word deur middel van 'n kort historiese oorsig deur prof. R. E. Ottermann behandel. Behalwe die Konservatorium betrek hy ook die departement Skoolmusiek, die jaarlikse Studente-sangfees en die Universiteitskoor.

Die aangeleentheid word afgesluit met 'n kort sanguitvoering deur twee studente van die Konservatorium.

Onbestrede voorstelle van gelukwensing aan 'n aantal persone met onderskeidings wat hulle te beurt geval het, word aangeneem, onder andere:

Die Kanselier, dr. B. J. Vorster, word Staatspresident; Dr. P. W. Botha word Eerste Minister; Dr. Jacques Kriel word lid van die Kabinet van die Republiek van Bophuthatswana; Dr. A. P. Treurnicht word leier van die Nasionale Party in Transvaal; prof. H. B. Thom word herbenoem as Voorsitter van die Adviserende Raad op Universiteite; Hoofregter Victor Hiemstra word Kanselier van Unisa en Hoofregter van Bophuthatswana; Die Dekorasie vir Voortreflike Diens aan Suid-Afrika word toegeken aan: mnr. M. C. Botha, dr. J. S. Gericke, dr. M. S. Louw, mev. Winnie Schumann, dr. P. W. Vorster; Prof. F. P. Retief word Rektor van Medunsa; Die volgende persone word hoogleraars aan die Universiteit: F. Hugo (ingenieurswese), J. A. le Roux (sielkunde) A. P. J. van der Walt (wiskunde), J. W. van Rooyen (sielkunde), R. E. Ottermann (musiek), B. J. Smit (geneeskunde), G. de F. Retief (ingenierswese), C. A. Engelbrecht (fisika), J. J. F. Taljaard (chemiese patologie), I. W. Hälbich (geologie), F. A. Ponelis (Afrikaans en Nederlands), H. van der M. Scholtz (Afrikaans en Nederlands), J. J. A. van der Walt (botanie), H. J. Deacon (argeologie), J. M. Louw (ingenieurswese), M. M. B. van Rooyen (oogheelkunde); Mev. Elsabe Kemp word burgemeesteres van Oos-Londen; Mnr. Dan Benadé word verkies tot lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch; Prof. Christo Viljoen en dr. J. A. G. Malherbe word verkies tot senior lede van die Institute of Electrical and Electronics Engineers van Amerika; Die Universiteit van Stellenbosch ken 'n ereprofessoraat in landbou-ekonomie toe aan prof. F. R. Tomlinson; Mej. Marlene van Niekerk ontvang die Eugene Maraisprys van die Akademie vir Wetenskap en Kuns vir haar digbundel, Sprokkelster; Mnr. Sarel Hayward word adjunk-minister van Landbou; Dr. Danie Malan Joubert word vise-rektor van die Universiteit van Pretoria; Dr. E. P. J. Kleynhans word moderator van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk in Suid-Afrika; Prof. Chris Garbers word 'n vise-president van die W.N.N.R.; Mnr. Jan de Wit word aangestel as 'n vise-president van die W.N.N.R.; Mev. Maureen Joubert, bekend vir haar rubriek Van Alle Kante in Die Burger, word redaktrise van Wynboer, amptelike lyfblad van die K.W.V.; Mnr. Ebbe Dommisse, assistent-redakteur van Beeld, word assistent-redakteur van Die Burger; Dr. R. L. Straszacker word voorsitter van die Universiteitsraad van die Randse Afrikaanse Universiteit; Mnr. Piet Marais word burgemeester van Stellenbosch; Dr. J. C. Otto word burgemeester van Johannesburg; Genl.-maj. Edwin Pienaar, hoof van Lugstafoperasies in die S.A.L.M., word die nuwe Inspekteur-generaal van die S.A.L.M.

Verkiesing van President
Die President van die Konvokasie, prof. H. B. Thom, word eenparig herkies vir 'n verdere termyn van twee jaar.

Die vergadering verdaag om 21h10.

Lufthansa maak besigheid 'n plesier.

Ons maak u besigheid 'n plesier.
Met lugwaardinne wat nie net mooi is nie, maar ook mooi na u omsien.
En eersteklas Senator-sitkamers by alle groot lughawens. 'n Vlugrooster waarvolgens u u horlosie kan stel.

En sakedienste in meer as 140 lande wat alles sal doen om u sakeskakelings te bevorder. Want hoe plesieriger u besigheid, hoe beter is ons s'n.
Vir nadere besonderhede, skakel u IATA-reisagent of Lufthansa.

Lufthansa

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die kundige vaardigheid van die ou meesters en hul strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt van Rijn-die wêreld se eerste vollengte-sigaret met filtermondstuk-die Meesterstuk in Sigarette.

Room van die Oes